basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V2

## NOVEMBER 2016

**PUNTE: 80**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 24 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op bladsy 4 en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy bestudeer het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die soort vraag wat jy wil beantwoord.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gedigte (30)
   AFDELING B: Roman (25)
   AFDELING C: Drama (25)

4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE in AFDELING A, EEN in AFDELING B en EEN in AFDELING C.

   **AFDELING A: GEDIGTE**
   Gesiene gedigte – Beantwoord TWEE vrae.
   Ongesiene gedig – Beantwoord die VERPLIGTE vraag.

   **AFDELING B: ROMAN**
   Beantwoord EEN vraag.

   **AFDELING C: DRAMA**
   Beantwoord EEN vraag.

5. **KEUSE VAN VRAE BY AFDELING B (ROMAN) EN AFDELING C (DRAMA)**

   - Beantwoord SLEGS die vrae oor die roman en drama wat jy bestudeer het.
   - Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG. As jy die opstelvraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in AFDELING C beantwoord. As jy die kontekstuele vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die opstelvraag in AFDELING C beantwoord. Gebruik die kontrolelys om jou te help.

6. **LENGTE VAN ANTWOORDE**

   - Die lengte van die opstel vir die gedig is 250–300 woorde.
   - Die lengte van die opstel vir die roman en drama is 400–450 woorde elk.
   - Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word deur die puntetoekenning van elke vraag bepaal. Beantwoord jou vrae bondig en relevant.

7. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Beantwoord ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

10. Voorgestelde tydsindeling:

    AFDELING A: ongeveer 40 minute
    AFDELING B: ongeveer 55 minute
    AFDELING C: ongeveer 55 minute

11. Skryf netjies en leesbaar.

## INHOUDSOPGAWE

**AFDELING A: GEDIGTE**

**Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.**


| VRAAGNOMMER | VRAAG | PUNTE | BLADSY |
|---|---|---|---|
| 1. "Nuus uit die binneland" | Opstelvraag | 10 | 6 |
| 2. "Een sprong vir ..." | Kontekstuele vraag | 10 | 7 |
| 3. "staat" | Kontekstuele vraag | 10 | 8 |
| 4. "Kwatryne" | Kontekstuele vraag | 10 | 9 |

**EN**

**Ongesiene gedig: Verpligtend**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5. "As die son sak uit die weste" | Kontekstuele vraag | 10 | 10 |

**AFDELING B: ROMAN**

**Beantwoord EEN vraag.***

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Opstelvraag | 25 | 11 |
| 7. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Kontekstuele vraag | 25 | 11 |
| 8. *Manaka Plek van die Horings* | Opstelvraag | 25 | 14 |
| 9. *Manaka Plek van die Horings* | Kontekstuele vraag | 25 | 14 |
| 10. *Vatmaar* | Opstelvraag | 25 | 16 |
| 11. *Vatmaar* | Kontekstuele vraag | 25 | 16 |

**AFDELING C: DRAMA**

**Beantwoord EEN vraag.***

| | | | |
|---|---|---|---|
| 12. *Krismis van Map Jacobs* | Opstelvraag | 25 | 19 |
| 13. *Krismis van Map Jacobs* | Kontekstuele vraag | 25 | 19 |
| 14. *Mis* | Opstelvraag | 25 | 22 |
| 15. *Mis* | Kontekstuele vraag | 25 | 22 |


***LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

**KONTROLELYS**

Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy die korrekte getal vrae beantwoord het.

| AFDELING | VRAAG-NOMMER | GETAL VRAE BEANTWOORD | MERK (✓) |
|---|---|---|---|
| A: Gedigte (Voorgeskrewe gedigte) | 1–4 | 2 | |
| A: Gedigte (Ongesiene gedig) | 5 | 1 | |
| B: Roman (Opstel of kontekstueel) | 6–11 | 1 | |
| C: Drama (Opstel of kontekstueel) | 12–15 | 1 | |

**LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

## AFDELING A: GEDIGTE

## VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

### VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vraag wat volg.

**Nuus uit die binneland – Peter Blum**
*Vir Dirk Opperman*

Soms in die winter as die reën sag stuif
op grasperke, dig en diep soos ’n tapyt –
as hy die rotsige bergreeks wegskuif
agter ’n misgordyn – as voor die ruit
popliere, eike en kastaiingbome
saamvloei, en ons versink in blaargroen drome
terwyl ons oor ’n ou beskawing lees –
dan gryp die onwerklikheid ons met die loop
van waters wat kalmeer, en in die gees
vou grys en sat die graafskap Surrey oop.

Soms in ’n najaarsdag se skemerty
stap ons in ’n stil straatjie en gewaar
deur ’n ou bolig, kunstig uitgesny
in vlegtende patroon van druif en blaar,
die lig van verre dae: Ons word gesluk
soos deur ’n mond; die luiterse getik
van ’n ou horlosie vervang ons ontstoke
harte se ritme in die kamerhoek,
en ons gestaltes kwyn tot stywe spoke
in die vernislaag van ’n Delftse doek.

Maar as die bergwind so rukkerig waai
en tussen ons rondkrap soos ’n stok
in ’n miershoop – in die palms blaai
nes ’n barbaar in ’n keurige boek –
dan is ons rillend buite alle mure
wat ons opstapel in redelike ure
met doel en plan –
ruik ons droogte en brand, en gerug
van sprinkaan, aardbewing en oproer
op daardie skroeiende binnelandse lug
– dan, dan
weet ons op watter vasteland ons boer.

[Uit: *Steenbok tot Poolsee*, 1955]

Daar kom kontraste in “Nuus uit die binneland” voor.

Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 250–300 woorde. **[10]**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Een sprong vir ... – Joan Hambidge**

Jy wil weet
waarom herstel ek nie –
want jy het my die maan,
sterre en uitspansel beloof.

Jy stuur my na die maan
en à la Neil Armstrong beweeg
ek in die lugdrukvrye atmosfeer,
karteer die kraters, die stil verwoesting
wat jy saai, plant ’n vlaggie van rekapitulasie
(dis verby, dis verby, dis ...) op die klein silw’rige planeet.

Danksy die verbinding tussen my en die lugskip van glas
genaamd poësie, keer ek weer terug na die aarde,
wys my foto’s vir diegene wat wil sien,
neem stukkies maankors saam
en weet ná maande
die maan is hiér.

Jy wil weet
waarom vergeet ek nie –
omdat ek weet die maan
is beslis nie van kaas.

[Uit: *Kriptonemie,* 1989]

2.1 Waarom kan ons sê dat die gedig ’n eensydige gesprek is? (1)

2.2 In versreël 10 kom ’n ellips voor.

Benoem die ander retoriese middel in versreël 10. Waarom is dié retoriese middel funksioneel en hoe ondersteun die ellips die funksionaliteit daarvan? (3)

2.3 Wat gebruik die spreker om sy/haar gevoelens en hartseer te verwerk? Motiveer die geslaagdheid van dié aksie. (2)

2.4 Die spreker kom tot ’n begrip oor sy/haar verbreekte verhouding.

Wat het die spreker aanvanklik gedink en wat is haar nuwe insig ten opsigte van verhoudings? (2)

2.5 Watter stemming is oorheersend in die gedig? (1)

2.6 Hoe ondersteun die rym die tema van die gedig? (1)

**[10]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**staat – Niel van Tonder**

jare nou al
sit roerloos wit
’n krap in die gaterige wal

roer ’n steeltjiesoog
met tye
waaksaam omhoog

niemand sal ooit
met sekerheid kan sê
of ’n droë dood ook in hom lê

maar wanneer en hoé
het die swart mierbataljon
dié parate pantser binnegekom?

[Uit: *As Hy weer kom,* 1975]

3.1 Hoe beklemtoon die inversie/omkering van die woordorde in strofe 1 die gedrag van die krap? (1)

3.2 Gee die funksie van die alliterasie in versreël 9. (1)

3.3 Benoem die beeldspraak in versreël 11 en motiveer waarom die gebruik daarvan geslaagd is. (2)

3.4 Herlees versreëls 10–12.

Wat is ironies in hierdie versreëls? Gee TWEE redes waarom die vraag in hierdie versreëls funksioneel is. (3)

3.5 Hoekom kan hierdie gedig nie slegs op letterlike vlak geïnterpreteer word nie? (1)

3.6 Die tema van die gedig is universeel.

Stem jy saam met hierdie stelling? Gee redes vir jou antwoord deur na die gedig te verwys. (2)

**[10]**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Kwatryne – Ina Rousseau**

**10**

Agter die skerms, lank reeds gegrimeer
aanskou ek die verhoog se glans en kleur
en wag dat u my toelaat om oplaas
my rol te gaan vertolk, O Regisseur.

**11**

As daar applous was vir die laaste maal
en U die décor moeg na onder haal,
sal U vir ons wat ons kostuums uittrek
volgens ons moeite en geduld betaal?

**12**

In hierdie klug vergeet soms ’n akteur
heel onverwags sy reëls en loer versteur
na die coulisses links en regs
maar geen souffleur se stem dring tot hom deur.

**13**

Ofskoon die saal se ligte nie meer brand
vra menigeen aan die verhoog se kant
nog steeds: Is ek van hierdie klug die held
of teen die agterdoek ’n figurant?

[Uit: *Die verlate tuin*, 1954]

4.1 Haal TWEE opeenvolgende woorde uit versreël 1–2 van Kwatryn 10 aan wat daarop dui dat die akteurs geduldig wag om hul rolle te vertolk. (1)

4.2 Hierdie vier kwatryne bevat ’n uitgebreide metafoor.

Wat is die geïmpliseerde betekenis van die metafoor? Haal TWEE frases uit Kwatryn 11 aan wat by dié metafoor aansluit. (3)

4.3 Herlees versreël 1–2 van Kwatryn 12.

4.3.1 Haal die voorbeeld van inversie/omkering van die woordorde aan en noem die funksie daarvan. (2)

4.3.2 Sê in jou eie woorde wat die figuurlike betekenis van “sy reëls” (versreël 2) is. (1)

4.4 Wie is die ek-spreker in die gedig? (1)

4.5 Watter EEN van die kwatryne spreek die meeste tot jou? Gee TWEE redes vir jou antwoord binne die konteks van die gedig. (2)
**[10]**

**EN**

## ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**As die son sak uit die weste – Clinton du Plessis**

wie skryf nog briewe oor liefde?
wie luister nog na die tromme van afrika?
na die diep donker dreuning van die tromme van afrika

ek sms jou die berigte oor benerige kinders
veilig vanuit die voorste linies
via internet naelstring ek jou vas aan die kontinent
wat teer op die straathoeke van kananaskis*

wie skryf nog briewe oor vrede?
wie luister nog na die tromme van afrika?
na die diep honger kreun van die tromme van afrika

jy't alles alreeds tweedehands beleef via cnn
die fetuses seningdroog opgekrimp sien lê
en die mielies hektaar vir hektaar sien weier om te pit
en die honger stadig sien slang deur die land

wie skryf nog briewe oor kinders?
wie luister nog na die tromme van afrika?
na die flou-vals ritme van die tromme van afrika

wie bewapen strategies teen vyf en veertig duisend miljoen rand?
wie steel dekades lank een duisend vier honderd miljard rand?

wie skryf nog briewe oor mooiweer & sonskyn?
en wie luister nog na die tromme van afrika?

wie, vra ek jou dan, plaas 'n munt voor die son?
en skaduwee breed sy hongervlek oor www.donkerafrika.com

**Die G8-spitsberaad is in die laaste week van Junie 2002 in Kananaskis in die Kanadese Rotsgebergte gehou.*

[Uit: *As die son kom oogknip*, 2001]

5.1 Hoe word die leser in versreël 1–2 by die gediginhoud betrek? (1)

5.2 Benoem die klankeffek in versreël 5. (1)

5.3 Haal VYF opeenvolgende woorde uit versreël 11–14 aan wat bewys dat die aangesprokene nie deel van hierdie gebeure is nie. (1)

5.4 Benoem die beeldspraak in versreël 14 en haal VIER opeenvolgende woorde uit versreël 11–13 aan wat by versreël 14 aansluit. (2)

5.5 Watter boodskap kan uit versreël 21 afgelei word? Dink jy hierdie boodskap is aktueel vir Afrika en sy mense? Motiveer jou antwoord. (2)

5.6 Herlees die titel en versreël 22–23.

Hoe sluit die slotkoeplet inhoudelik by die titel van die gedig aan? (3)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

### *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker

Beantwoord ÓF VRAAG 6 (opstelvraag) ÓF VRAAG 7 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 6: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG

In *Die kwart-voor-sewe-lelie* leer die leser Iris as buitestander ken.

Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 400–450 woorde. **[25]**

### VRAAG 7: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**

Ek het geknik. My reistas het al gelyk na ’n spens. “Pa mag dit seker nie self eet nie?” het ek opgemerk, gedagtig aan sy soutlose dieet.

“Is omtrent al waarvan ek leef,” het hy gegrom.

“Is dit nie sleg vir Pa nie?”

“Ek’s gesond in die bos,” het hy gesê. “Daar’s nie tyd vir fieterjasies nie.” Oor Peter of Claude het ons nie gepraat nie.

Johanna was meer uitgesproke.

“Jy’t die man ’n jaar laas gesien,” het sy gesê. “Dit gaan neuk.”

“Tyd of afstand het nog nie vantevore ’n verskil gemaak nie,” het ek myself verweer. “Waarom sal dit nou?”

Sy het gesnuif. Dae lank al het sy deur die huis gedruppel, droef en ineengedoke, haar gewone sofistikasie weg. “Nou’s al drie my kinners weg,” het sy gesê. “Al my favourites foeter oor die see.”

“Ek kom mos weer terug!” Dit was nietemin goed om te hoor dat ek ’n gunsteling was.

“Dis nie altyd te sê nie,” het sy gekla. “Wie weet wat daar oorkant gebeur? Hy hou jou dalk nog daar.”

“Nee. Sover ek weet, is hy self op pad terug.”

Sy het effens opgehelder. “Dan kan jy mos net sowel hier vir hom wag.”

Ek het my kop geskud. “Ek wil gaan kyk hoe lyk dit daar. Buitendien, ek gaan eers vir Kara kuier. Onthou jy nie wat Ma altyd gesê het nie? ’n Iris blom net een keer per jaar. Ek is aan die oud word en dis tyd dat ek blom.”

7.1 Iris verwys in reël 1 na haar reistas. Noem die TWEE plekke waarheen sy op pad is. (2)

7.2 Herlees reël 3.

Waarom is hierdie reaksie van Pa nie geregverdig nie? Kom Ma later in die roman tot Pa se redding? Motiveer jou antwoord. (2)

Kopiereg voorbehou 

7.3 Wat lei ons omtrent Pa se karakter in die onderstreepte woorde in reël 5 af? Motiveer met voorbeelde uit die roman waarom ons kan sê Ma se karakter verskil nie veel van Pa s’n nie. (3)

7.4 Uit reël 6 kan ons aflei dat Iris en haar pa nie eintlik oor belangrike dinge gesels nie.

Wat is die rede vir dié gebrekkige kommunikasie? (1)

7.5 Johanna het ’n besondere band met Iris.

Gee TWEE voorbeelde uit die roman wat op hierdie band dui. Dink jy sy het dieselfde band met Kara en Elsa? Motiveer jou antwoord. (3)

7.6 In reël 21–22 word daar na een van die betekenisse van Iris se naam verwys.

Noem nog ander betekenisse. (2)

7.7 Wat is die tema van die roman? Watter boodskap word aan die leser oorgedra? (2)

**EN**

**TEKS B**

“Ek is nie verantwoordelik vir jou en jou mense nie,” het hy kalm gesê. “Ek gaan dit ook nie weer vir jou sê nie. Jy sien jouself as ’n kind wat leer loop en my as die ma wat met haar arms beskermend weerskante van die kleuter saamloop om te keer dat hy nie val nie. Ek is nie ’n loopring nie. Ek maak nie reg waar jy verbrou het nie. Ek skakel nie stowe of sweisapparate af nie. As jy môre op die dak loop en gly en afval, sal ek jou nie vang nie. Om op die dak te loop, is jou keuse. Peter se werk is sy keuse.”

Ek het my op ons bed neergewerp en gehuil, nie net van skok nie, maar ook omdat ek beskaamd was oor my uitbarsting.

“Gaan terug hospitaal toe en gaan sit by Peter. Hou sy hand vas in plaas van om so liederlik jammer vir jouself te voel.”

“Ek is jammer vir hom,” het ek myself verdedig, maar opgestaan en my hare gekam.

“En ry versigtig,” het hy gemaan voor ek loop. Hy het geglimlag.

“Vergewe my,” het ek gesê. “Ek was ontsteld. As ek net kon seker wees sy oë sal weer aangroei. Of wat ook al nodig is.”

“Die lewende sel is ’n besondere organisme. Dit het die vermoë om homself te regenereer.”

“Dink jy so?” het ek gevra, meteens weer vol moed.

“Ek weet dit.”

“Jy’s ’n engel,” het ek gesê en vir hom gewaai.

7.8 Teen watter agtergrond vind hierdie gesprek tussen Iris en die Engel plaas? (1)

7.9 Hoe beïnvloed die ek-verteller in reël 8–9 die leser se siening van Iris? (1)

7.10 Herlees reël 8–16.

Hoe verskil Iris se optrede hier van haar optrede in TEKS A? Wat dink jy is die redes vir dié veranderde optrede? (3)

7.11 Die Engel maak in reël 17–20 'n voorspelling ten opsigte van Peter se herstel.

Watter afleiding kan uit die terloopse woorde in reël 14 gemaak word? (1)

7.12 "Jy's 'n engel" (reël 21)

Wat impliseer Iris met hierdie woorde? Waarom gebruik Iris dié woorde? Stem jy met Iris se siening oor die engel saam? Motiveer jou antwoord met TWEE voorbeelde uit die roman. (4)

**[25]**

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

Beantwoord ÓF VRAAG 8 (opstelvraag) ÓF VRAAG 9 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG**

In Barotseland kom Baas, die swerwer, tot rus en groei tot iemand wat vir ander omgee.

Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 400–450 woorde. **[25]**

**VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS C**

“Jy lyk heelwat beter as vanoggend. Daar is altyd iets om voor dankbaar te wees, is dit nie? Interessante besoeker wat jy gehad het?”

“Nie juis nie. Net nog iemand wat planne maak om my hier weg te kry.”

Sitali sit langs die bakkie. Hy wag om saam met Baas te ry. Grace kom haal die bekers en belowe Sitali dat hy saam met die groot vragmotor kan ry. Hy loop onwillig saam met haar. Baas maak die bakkie se agterklappe oop. Brindle loop terug na die afdak toe.

“Brindle!” dwing Baas hom terug. “Daar is ’n tyd vir alles. Los nou jou ordentlikheid.”

Die ander honde aanvaar uitgelate die aanbod om op die vreemde voertuig te spring. Briekwa staan stywebeen op die klap. Hy weier om Brindle te laat opspring. Baas laat al die honde afklim. Brindle spring op. Die ander volg. Briekwa dreig.

“Laas toe ek jou met ’n geweer in die hand gesien het, het ek gedink ek gaan ook enige oomblik soos ’n wors van sy stingel afgeskiet te word,” terg Nanna. “Gelukkig voel jy nou beter.”

Baas gee Briekwa ’n klap teen die kop. Nanna klim haastig agter die stuur in.

Meneer Johnnie hardloop jagbyltjie in die hand nader om nog ’n keer die erns van sy huweliksprobleme en die hongersnood in sy huis te beklemtoon.

“Henna not right!” Meneer Baas kan nie so met hom maak nie, sê hy, want dis juis omdat hy meneer Baas wou help dat hy nou so swaar kry sonder sy vrou en sy kind.

9.1 Herlees reël 2–3.

Wat is die besoeker se naam? Dui aan wat sy plan behels en hoe sy planne uiteindelik skeefloop. (3)

9.2 Hoe vorm Brindle ’n skakel met Baas se oupagrootjie? (1)

9.3 In reël 11–13 laat Briekwa toe dat Brindle op die vragmotor spring.

Hoe stem hierdie optrede met Baas se optredes in Manaka ooreen? (3)

9.4 Herlees reël 14–16.

9.4.1 Na watter insident verwys Nanna? (1)

9.4.2 Hierdie dialoog van Nanna wys sy is gemaklik in vreemde omstandighede. Gee voorbeelde van Nanna se optrede wat hierdie stelling ondersteun. (2)

9.4.3 In watter mate het die sendelinge bygedra tot Baas se innerlike konflik? (1)

9.5 Baas tree in reël 17 aggressief op. Hoekom tree hy so op? (1)

9.6 Is dit regverdig dat meneer Johnnie vir Baas in reël 22 verantwoordelik hou vir sy probleme? Motiveer jou antwoord. (2)

**EN**

**TEKS D**

Baas bly staan. Watter soort boodskap sal ’n mens nou los as jy self nie eens weet hoekom jy gekom het nie?

Hy maak die agterklap oop en laat die trop honde afspring. Hulle loop hulle draaie en spring weer op. Hy maak die klap toe en skakel die Land Rover se ligte af.

In Whitey se tent trek hy ’n vuurhoutjie. Daar is ’n paraffienlampie op ’n groen trommel langs ’n kampbed. Hy steek dit aan. Op die trommel lê ’n Bybel. Baas gaan lê op die bed, sy hande in die lug; seer van die warm planke wat hy moet buig om by die kromming van sy boot se romp aan te pas. Iewers roep ’n dikkop. Het Whitey ook ’n ashoop? Wat gebeur nou daar by die Plek van die Kremetartbome? tuimel sy gedagtes.

In Whitey se Bybel lees hy die tekste wat Ouma Essie vir hom gegee het toe sy hom kom roep het om die kerk se balke te gaan haal.

Hy ryg die tent weer toe en ry terug. Op pad wag hy vir die dag om te breek. Ligdag loop hy en die honde die kop uit na die boom toe waar die vlakvark Longwane gegaffel het. Dit is die kremetart waar Whitey se oupa in sy jong dae nog ’n uitgekerfde naam in die bas kon lees. Hy loop teen die skuinsgroeiende stam uit en kry die knopperige riwwe.

*Ek het My laat vind deur die wat My nie gesoek het nie* ...

9.7 Watter soort verteller is in reël 1–2 aan die woord en wat is sy funksie hier? (2)

9.8 Is daar ’n verband tussen Whitey, die uitgekerfde naam in die kremetart en Baas? Gee TWEE redes vir jou antwoord. Is daar ’n vroeër optrede van Baas in die roman wat hierdie verband bevestig? Motiveer jou antwoord. (3)

9.9 Ouma Essie voer ’n soortgelyke rede aan vir Meneer Johnnie (TEKS C) en Baas (TEKS D) se koms na Manaka.

Wat is dié soortgelyke rede? Noem DRIE bewyse uit die roman dat Baas sy regmatige plek op Manaka inneem. (4)

9.10 Reël 19 (TEKS D) verteenwoordig die godsdienstema in die roman.

Gee ’n ander tema wat in die roman voorkom. Watter boodskap word aan die leser oorgedra, deur die tema wat jy genoem het? (2)

**[25]**

Kopiereg voorbehou 

## *VATMAAR* – AHM Scholtz

Beantwoord ÓF VRAAG 10 (opstelvraag) ÓF VRAAG 11 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG

In *Vatmaa*r geld 'n lewensingesteldheid van omgee.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400–450 woorde en verwys in jou antwoord na Sus Bet, oom Chai en Kenneth Kleinhans. **[25]**

### VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder deeglik deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS E**

Die Du Toitspan-hospitaal het 'n brief vir die dorpsraad geskryf waarin hulle sê hulle sal een of twee keer 'n week 'n verpleegster Vatmaar toe kan stuur, op een voorwaarde: Die dorpsraad moet betaal vir die transport, of dit nou 'n kapkar of 'n mouterkar is. Net vir 'n bicycle of 'n gewone perdekar hoef hulle nie te betaal nie.

Die dorpsraad het die hospitaal-superintendent bedank en die voorwaarde aanvaar.

Dit was weer 'n plesierige Mister Burns wat vir Kenny kom sê het: Here is the letter from the town council. The clinic will be opened, not this Saturday but the next. Get ready for the celebration, for there is a time to mourn and a time to be merry.

Kenny vra toe die domanie om op die agenda van die diens te sit dat die kliniek die volgende Saterdag deur die burgermeester van die Pan en sy raadslede oop verklaar sal word, en dat hulle baie bly sal wees as die hele Vatmaar na die feesvieringe kan kom.

Kenny het vir Sus Bet geld gegee en haar gevra om die beste khadie te maak wat sy nog ooit gemaak het. Sy het gesê: Op een voorwaarde, dat Vatmaar se mense nie van die khadie drink nie. Laat dit net vir die mense van die Pan wees.

Fair enough, sê Kenny.

Ek verwag dat jy dit so sal hou, het Sus Bet gesê.

Die gemmerbier sou deur Nurse-sister Gous gemaak word, en sy moes ook sorg vir genoeg vier-gelling-paraffienblikke vir die bier.

11.1 'n Kliniek is op Vatmaar gebou.

11.1.1 Wat is die naam van die nuwe kliniek op Vatmaar? (1)

11.1.2 Waarom was die oprigting van die kliniek so belangrik vir Kenny? Watter raadslid het 'n groot rol gespeel om die kliniek tot stand te bring? (3)

11.2 Die oprigting van die kliniek was vir Kenny 'n "time to be merry" (reël 11).

Gee nog TWEE redes waarom dit vir Kenny 'n "time to be merry" kan wees. (2)

11.3 Waarom het Kenny juis vir Sus Bet gevra om die khadie te maak? (1)

11.4 Hoe sluit Sus Bet se woorde en/of handeling op die delwerye by die titel van die roman aan? (2)

11.5 Noem karaktereienskappe van Sus Bet wat jy uit die roman kan aflei en gee 'n voorbeeld van elke karaktereienskap uit die roman. (4)

11.6 Herlees reël 17–19.

Hoekom, dink jy, stel Sus Bet hierdie voorwaarde? (2)

**EN**

**TEKS F**

Die telefoonpale was al tot amper by die kliniek en die mense het gesê: Nog twee weke en Vatmaar is met die Pan gekonnek.

Die sokkerveld is eerste ingewy.

Dit was 'n trotse Kenneth Kleinhans wat daardie Saterdagmiddag – met die hele Vatmaar wat om die sokkerveld staan – die bal van Boitjie Afrika gekry het om op die middellyn te gaan stel.

Toe hy terugstap, laat Teacher Elsa haar sakdoek val, iets wat min mense in Vatmaar gedra het. Kenny tel dit op, waai die stof uit en gee dit vir haar.

Kenny met sy gebroke hart gee dit vir haar en sê: Your handkerchief, lady. Die woorde knel haar, sy word warm. Maar hierdie Elsa se begeerte, haar diepste wense – dit is die man vir my – kon hom nie aantas nie.

Die Vatmaar Sunbeam-sokkerspan het teen Du Toitspan Wanderers se B-span gespeel en hulle een-nul gewen. Daarna was Vatmaar nooit weer dieselfde nie. Na die tyd was die aankykers moeër as die spelers want die meeste van hulle het saam met hulle se span en die bal op en af langs die veld gehardloop. Party oupas het na 'n kamma bal geskop elke keer as een van Vatmaar se spelers op die veld na die bal skop.

Na die wedstryd is baie dinge afgepraat, soos lat die fluitjieman so grênd was.

Suzan wat ook gaan kyk het, het vir Nellie Ndola gekry toe sy met die paaitjie terugstap. Sy het vinnig rondgekyk of sy nie vir Tommy Lewis sien nie.

11.7 Waarom laat val Teacher Elsa haar sakdoek? Hoe staan dié rede in kontras met 'n vorige gesprek wat Teacher Elsa met haar pa gehad het? (2)

11.8 Herlees reël 7–11.

Hoekom kán Teacher Elsa se handeling tot innerlike konflik by Kenny lei? Wat was Mevrou Bosman se aandeel in Kenny se "gebroke hart"? (3)

11.9 Wat is onderskeidelik die bydrae van Ou Chetty, Boitjie Afrika en Kenneth Kleinhans in die eerste sokkerwedstryd van die Vatmaar Sunbeam-sokkerspan? (3)

11.10 Dink jy die jonger manne van Vatmaar se opinie oor Boitjie Afrika het verander? Motiveer jou antwoord. (1)

11.11 In TEKS F word na Kenneth as "trots" verwys. Verwys na reël 8–17 (TEKS E) en reël 1–6 (TEKS F).

Gee EEN ander karaktereienskap van Kenneth Kleinhans wat uit TEKS E én TEKS F duidelik na vore kom. (1)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

Beantwoord ÓF VRAAG 12 (opstelvraag) ÓF VRAAG 13 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 12: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG

Gappie Martin, Apostel George en Miss Africa het ’n invloed op Map Jacobs se lewe en verander sy lewenskoers.

Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 400–450 woorde. **[25]**

### VRAAG 13: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS G**

| | |
|---|---|
| CYRIL: | Ek sien mister Cavernelis, en Blanchie oek, en missies Cavernelis, julle ammal slyt julle deur so elke keer agter julle toe, soes julle kom en gaan. Trust julle dan nie die mense hier in onse area nie? Mister Cavernelis maak even mister Cavernelis se bike aan die tralies vas! Moet kettangs! |
| TOMMY: | ‘Is nie onse biesagheit nie, man, wat mister Cavernelis-hulle doen nie! |
| CAVERNELIS: | Ja ... Dit het met niemand niks te make nie. Ons meng met niemand in nie. Ons gaan net ons eie gang, so asseblief, laat staan vir ons ... |
| CYRIL: | *(spottend)* “Meng met niemand in nie”; “gaan net ons gang!” ... Mister Cavernelis praat darem mooie taal, nè. “Meng met niemand in nie.” Hoge Afrikaans, en missies Cavernelis gooi net weer Ingils! Smárt. Ons ken mos nie sukke tale hierso in onse area, innie township nie! *(Hy is nou bý mister Cavernelis, en klop die ouer man op die skouer.)* Ma’ lyster, ou dêrre, ons kén die meaning van daai woorde. “Meng met niemand in nie.” Jy mien jy interfere like moet ge-niemand nie. Dis net lat jy sukke hoë woorde gebruik daarvoor! Maar jy moenie dink ons is stupid hierso nie. Ons het oek ammal geleer innie skool, okay ... “Meng met niemand in nie.” Hoë woorde. Hoë mense ... |
| CAVERNELIS: | *(hulpeloos)* ‘Is nie dit nie, man. Kan ek help hoe ek praat?! Kan ek help dat ek van die Boland ... van up-country af ... kom? |
| CYRIL: | Up-country ... ja ... En nou’s mister Cavernelis al weer t’rug ... *(Geniepsig. Slaan op die tas wat agter op die fiets vasgemaak is.)* Soft goods innie suit-casie? Ekstra verdienste? Soft goods ... Petticoats en panties ... *(Hy en Richie lag.)* |

13.1 Wat is die werklike rede vir Cyril se aanval op Cavernelis (reël 1–5)? (1)

13.2 Herlees reël 1–5 (TEKS G).

Gee EEN ander rede waarom Cavernelis en Maud in hierdie ruimte vasgevang is. Gee ’n bewys van die figuurlike kettings wat Cyril en Richie aan hierdie ruimte bind. Hoe sluit La Guma se woorde by die figuurlike kettings van die ruimte aan? (3)

13.3 Noem ’n handeling van Cavernelis in die drama wat verband hou met sy strewe om uit die township/Kaapse Vlakte te kom. (1)

13.4 Noem EEN rol elk wat die apartheidstelsel en Tommy Sobotker in die drama speel. Dui ook aan watter invloed die apartheidstelsel en Tommy op Map het. (4)

13.5 Hoekom, dink jy, klop Cyril vir Cavernelis op sy skouer? (2)

13.6 Oor watter kennis met betrekking tot Map beskik Cyril wat Cavernelis nie het nie? Noem TWEE redes waarom dié kennis waaroor Cyril beskik tot vrees by Cavernelis kan lei? (3)

**EN**

**TEKS H**

BLANCHIE: Nee! Nee!! ... Nee!!!

*Die lig verander. Dan sien ons hoe Willy la Guma oor die straat gehardloop kom. Onder sy arm is Cavernelis se soft goods-suitcase, soos dit plat getrap is deur die trein. Hy steier teen die flat se trap op, na Maud toe.*

*Map staar, beneweld. Blanchie die verpersoonliking van skok. Die dinge gebeur nou vir hulle soos in ’n buite-wêreld waarop hulle net maar toekyk.*

*Maud op die platformpie bo asof sy daar vasgenael is. Die mense vergader in die straat.*

*Dan is Willy by Maud.*

BLANCHIE: ‘Is nie waar nie!! ... *(Haar liggaam ruk histeries. Map hou haar vas.)*

LA GUMA: *(bewe, weet nie mooi hoe nie)* Missies ... C ...

*Maud se gesig trek-trek en sy kry geen woord uit nie.*

LA GUMA: Ek het ... niks gekan doen nie ... Ons was saam ... Ek het saam met mister C ... ge-jog ... langes sy bicycle ... By die crossing, toe kom die trein ... toe stop ek, ek dink toe mister C gaan oek ... ek mien stop ... Maar ... O my God ... missies C ... ek skreeu vir hom, mister C!! ... mister C!! ... en toe ... en toe ... Die trein ... die bicycle ... Mister C ... ek het niks gekan doen nie!! ... Ek ... *(Hy sluk. Sy oë staan vol trane. Hy hou die stukkende tas en ons sien hoe Maud van die kledingstukke daaruit trek en deur haar vingers laat loop.)*

MAUD: *(bibber die woorde onsamehangend uit) He ... was ... a good man ... Cavernelis ... darling ...*

BLANCHIE: Daddy!

*Die lig verander. Die musiek begin, saggies. Eers ’n banjo. Dan kitare. ’n Basviool. Viole.*

13.7 Wat was Cavernelis se beplande reis en wat was sy werklike reis in hierdie drama? (2)

13.8 Waarom is Cavernelis se dood ten opsigte van Blanchie en Maud ironies? (2)

13.9 In TEKS H heers ’n stemming wat op geskoktheid dui.

Hoe verander dié stemming teen die einde van die drama? Wat is die oorsaak van die veranderde stemming in die slot van die drama? (2)

13.10 Cavernelis openbaar waardes in die drama.

Noem EEN positiewe waarde en ’n voorbeeld waar Cavernelis dié waarde in die drama openbaar. Watter negatiewe waarde openbaar Cavernelis teenoor sy familie? (3)

13.11 Dink jy die dramaturg skep vir Map en Blanchie ’n geleentheid om uit hul beklemmende omstandighede te ontsnap? Motiveer jou antwoord. (2)
**[25]**

***MIS* – Reza de Wet**

Beantwoord ÓF VRAAG 14 (opstelvraag) ÓF VRAAG 15 (kontekstuele vraag).

## VRAAG 14: *MIS* – OPSTELVRAAG

Die handeling van Miem, Meisie en Gertie dui daarop dat hulle, onder andere met die hulp van Konstabel, uit hul omstandighede wil ontsnap.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400–450 woorde. **[25]**

## VRAAG 15: *MIS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS I**

| | |
|---|---|
| | *Hy sit doodstil en kyk voor hom uit. Na 'n paar oomblikke van stilte bars hy skielik uit van die lag.* |
| MIEM: | Wat is so snaaks, Konstabel? |
| KONSTABEL: | Iets *(Lag)* het my skielik net bygeval. *(Skielik stroef)* Verskoon my tog. |
| GERTIE: | U kan dit maar met ons deel, Konstabel. 'n Bietjie jolyt sal ons goed doen. |
| MIEM: | Jy kan dit weer sê, Gertie. |
| KONSTABEL: | Ek is jammer. Dis persoonlik. |
| MIEM: | *(geaffronteerd. Kyk na GERTIE)* O! |
| | *'n Effens ongemaklike stilte.* |
| GERTIE: | En waar kom u vandaan, Konstabel? |
| KONSTABEL: | O, hier en daar. Nooit lank op dieselfde dorp nie. Ek word gebruik vir ... spesiale gevalle. |
| MIEM: | So, u is natuurlik hier oor die verdwynings, Konstabel? |
| KONSTABEL: | Dis reg, ja. Oor die verdwynings. Maar hulle het my nie volledig ingelig nie. Hulle sê altyd hoe minder ek weet hoe beter. |
| MIEM: | *(opgewonde)* Nou ek kan vir u alles vertel. Dit het twee jaar gelede begin. Meisie! |
| MEISIE: | *(verskrik)* Ja, Ma? |
| MIEM: | Vat die sakke wat klaar is en stapel hulle op die sakke wat buite lê. |
| MEISIE: | Maar ek maak vir die konstabel koffie. |
| GERTIE: | Toe maar, ek sal dit doen. |
| MIEM: | Meisie, maak nou soos ek sê! |
| | *MEISIE beweeg vinnig na die sakke in die hoek.* |
| MIEM: | *(agter haar hand)* Konstabel, sy is nog so jonk en onskuldig. Ek wil nie hê sy moet die dinge hoor nie. |
| | *MEISIE sleep die sakke na die deur.* |
| MIEM: | Meisie, los die deur oop as jy uitgaan. Dan kan ons hoor as jy gil. |
| KONSTABEL: | U is baie verstandig. |

15.1 Hoe het Konstabel se woorde en handeling, tydens die eerste kennismaking met die vroue, hulle om die bos gelei? (2)

15.2 Watter EEN van die handelinge in die neweteks (reël 4), dink jy, het betrekking op Konstabel aan die einde van die drama? Motiveer jou keuse. (1)

15.3 Waarom is Gertie van mening dat ’n bietjie “jolyt” (reël 6) die vroue goed sal doen? (2)

15.4 Waarna verwys “spesiale gevalle” (reël 14)? Hoekom is Miem se huis ’n sagte teiken? (4)

15.5 Waarom is reël 19 ’n voorbeeld van dramatiese ironie? (1)

15.6 Hoe sluit reël 22–23 by die titel én die tema van bevryding aan? (2)

15.7 Watter karaktereienskap van Miem kan uit haar woorde in reël 26 afgelei word? Gee nog TWEE ander karaktereienskappe van Miem soos wat dit uit die drama blyk. (3)

15.8 Waarin is die teenstrydighede in Konstabel se woorde (reël 33) geleë? (2)

**EN**

**TEKS J**

| | |
|---|---|
| | *Die KONSTABEL antwoord nie. Hy staan stil en staar voor hom uit.* |
| MIEM: | *(oorvriendelik, na ’n stilte)* Vertel ons, Konstabel, het u ondervinding van sulke sake? Verdwynings, bedoel ek? |
| KONSTABEL: | O ja, dit is waarvoor ek eintlik gebruik word. Vermiste persone. |
| MIEM: | Werklik? |
| | *MEISIE steek haar vinger raak. Sy trek haar asem in en suig haar vinger.* |
| MIEM: | *(aan die KONSTABEL)* So u sê u werk met vermiste persone, Konstabel? |
| KONSTABEL: | Ek kan miskien nie sien nie. Maar daarom word ek gebruik. As daar niks is om te sien nie. As iemand uit die oog verloor is. |
| GERTIE: | Hoe wonderlik! |
| KONSTABEL: | Want al kan jy iemand nie met die blote oog sien nie ... is daar ... ander sintuie ... wat die werk kan doen. |
| MIEM: | Werklik interessant. |
| GERTIE: | Vertel ons, Konstabel, hoe gaan u te werk? |
| KONSTABEL: | Nou ja … sien is glo. Dit is eintlik moeilik om te verduidelik. |
| | *Kort stilte.* |

MIEM: *(oorvriendelik)* Kom sit tog, asseblief, Konstabel.

KONSTABEL: Nou goed ...

MIEM: Dan skink ek vir jou nog 'n koppie koffie. *(Staan op en beweeg na die stoof)*

KONSTABEL: Ek wonder of iemand my kan help ... Sien, sonder my stok is ek verlore ...

GERTIE: Maar alte seker, Konstabel. *(Tel die stok op en gee dit vir hom. Neem sy arm en lei hom na die stoel)*

KONSTABEL: *(ruk sy arm weg)* Dankie, juffrou, ek sal self regkom.

*(Beweeg stadig na sy stoel terwyl hy met sy stok rondtas)*

15.9 Herlees reël 8.

Is die sprokie *Die slapende skoonheid* op Meisie van toepassing? Motiveer jou antwoord. (1)

15.10 In TEKS I (reël 14) verwys Konstabel na "spesiale gevalle" en in TEKS J (reël 13–14) na "iemand (wat) uit die oog verloor is"*.*

Op watter vroulike karakter is hierdie woorde van toepassing? (1)

15.11 Watter tema kan jy uit die woorde in reël 20 aflei? Hoe sluit reël 13–14 én reël 26–27 by dié tema aan? (3)

15.12 Konstabel word met 'n doel na "spesiale gevalle" gestuur.

Wie is die spesiale geval aan wie hy dié spesifieke aand hulp moes verleen? Wat was die aard van Konstabel se hulp? Dink jy dat Konstabel se hulp verwelkom is? Motiveer jou antwoord. (3)

**[25]**

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V2

## NOVEMBER 2016

## MEMORANDUM

**PUNTE: 80**

**Hierdie memorandum bestaan uit 32 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**NASIENRIGLYNE**

1. As ’n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. **(Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)**
2. As ’n kandidaat in AFDELING A al vier vrae oor die gesiene gedigte beantwoord het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.
3. As ’n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. As ’n kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.
4. As ’n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.
5. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.
6. As ’n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelfout nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.
7. Opstelvrae:
   As die literêre opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat hy/sy, hom-/haarself gepenaliseer het. As die literêre opstel te lank is, assesseer dit op meriete en bespreek dit met die senior nasiener. Die memorandum is slegs ’n riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die opstelvrae na te sien.
8. Kontekstuele vrae:
   As ’n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar ’n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
9. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
10. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/ motivering/bewys verdien die punt.
11. **Moenie woorde nasien nie, sien betekenis na.**

## AFDELING A: GEDIGTE

### VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL
**"Nuus uit die binneland" – Peter Blum**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE** nagesien.

**LET WEL:**
- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**Simbole:** K Kontras

| |
|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.<br><br>• **Die *ons* (strofe 1) bevind hom/haar in 'n winterreënvalstreek (Wes-Kaap),** maar die *ons* (strofe 3) wat hom/haar in die binneland bevind, ervaar droogte en (gevolglik) veldbrande./Bv. Versreël 1: *Soms in die winter as die reën sag stuif …* teenoor versreël 28: *ruik ons droogte en brand …*<br>• **Die weersomstandighede dui 'n kontras aan,** want die winterreën val sag terwyl die bergwind rukkerig waai./Bv. versreël 1: *Soms in die winter as die reën sag stuif*/versreël 2: *op grasperke, dig en diep soos 'n tapyt* … teenoor versreël 21*: Maar as die rukwind so rukkerig waai.*/versreël 28: *ruik ons droogte en brand …*<br>• **Die winterreënvalgebied word teenoor die binneland as gebied gestel,** want die *ons* (strofe 1) bevind hom/haar in die gebied waar die grasperke groen/dig is/wat reën kry/nat is. Die nuus/ bergwind kom uit die binneland/waar dit droog is./Bv. versreël 1: *Soms in die winter as die reën sag stuif* teenoor versreël 30: *daardie skroeiende binnelandse lug*<br>• **Die plekke waarna die spreker verwys,** kontrasteer met mekaar, want die spreker verwys na Engeland en Nederland/die buiteland, maar ook na Afrika./Bv. versreël 10: *vou grys en sat die graafskap Surrey oop./*versreël 20: *… in die vernislaag van 'n Delftse doek.* teenoor versreël 32: *… weet ons op watter vasteland ons boer*.<br>• **Engeland/Europa/beskawing/droommotief kontrasteer met Afrika/barbaarsheid/ werklikheid,** want Engeland is grys en somber a.g.v. die winterreën terwyl Afrika 'n harde, veeleisende vasteland is./Bv. versreël 10: *vou grys en sat die graafskap Surrey oop.* Teenoor versreël 32: *weet ons op watter vasteland ons boer*.<br>• **Die hede staan in kontras met die verlede**; alhoewel die spreker bewus is van die hede word hy teruggevoer na die verlede./Bv. versreël 32: *weet ons op watter vasteland ons boer*. teenoor versreël 7: *terwyl ons oor ou beskawings lees*/versreël 6: *ons versink in blaargroen drome …*/versreël 9–10: *in die gees vou grys en sat die graafskap Surrey oop.*/versreël 20: *… ons gestaltes kwyn …*<br>• **Die onrustige hartklop van die spreker staan in kontras met die rustige getik van die horlosie.**/Bv. versreël 17: *ons ontstoke harte se ritme* teenoor versreël 16: *die luiterse getik van 'n ou horlosie .*<br>• **Die spreker verval in 'n droombeswyming**, wat verskil van die werklikheid./Bv. versreël 6: *versink in blaargroen drome*/versreël 8: *dan gryp die onwerklikheid ons …* teenoor versreël 32: *weet ons op watter vasteland ons boer*.<br>• **Die spreker se eie beeld/werklikheid** (bv. versreël 32: *weet ons …)* **staan teenoor sy/haar verbeelding/onwerklikheid**, want hy/sy word deel van 'n Delftse kunswerk./ kwyn tot 'n vae spook op 'n doek./Bv. versreël 19: *en ons gestaltes kwyn tot stywe spoke …* |

| |
|---|
| • **Die werklikhede van Afrika** kontrasteer met dit wat volgens die spreker van belang is./ **s-alliterasie wat kalmte beklemtoon** kontrasteer met die r-alliterasie wat die harde omgewing beklemtoon./Bv. versreël 28: *ruik ons droogte en brand, en gerug …* teenoor versreël 7: *terwyl ons oor 'n ou beskawing lees.*/Versreël *20: … vernislaag van 'n Delftse doek.*<br><br>*Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.* |

**10**

**VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG**
**"Een sprong vir ..." – Joan Hambidge**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 2.1 | Die aangesprokene reageer nooit./verhouding is beëindig.<br>Die spreker reageer op die geliefde/aangesprokene se stelling/vraag (wat dadelik beantwoord word). √ | 1 |
| 2.2 | Herhaling/parentese √<br><br>Die herhaling beklemtoon dat die verhouding definitief verby is./Die ellips suggereer dat die spreker voortdurend bevestiging kry dat die verhouding verby is √<br><br>Dit **beklemtoon** "dis verby"./Die finaliteit van die gebroke verhouding word bevestig./Dit bied geleentheid aan die leser om oor die einde van die verhouding te dink./suggereer 'n volgende herhaling./moontlikheid van 'n verhouding. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 2.3 | Hy/Sy skryf gedigte./poësie.<br>Hy/Sy voer eensydige gesprekke om tot 'n gevolgtrekking te kom./die saak te verwerk./<br>Hy/Sy verwoord sy/haar konflik om nuwe perspektief te kry. √<br><br>Dis geslaagd, want hy/sy deel hierdie gedig met die leser./<br>Dis geslaagd, want die skryf van gedigte/eensydige gesprekke/verwoording van konflik help die spreker om tot 'n nuwe begrip omtrent die liefde te kom./<br>Die slot van die gedig gee blyke van insig/veranderde ingesteldheid. **/**<br>Die spreker keer terug na die realiteit./gaan aan met sy/haar lewe.<br><br>**OF**<br><br>Dit is nie geslaagd nie, want die spreker skryf poësie, dink dus nog aan die geliefde. √ | 1<br><br>1 |
| 2.4 | Hy/sy was aanvanklik goedgelowig./het geglo die geliefde sal die son, maan en sterre kan gaan haal./sal wat onmoontlik is, vir hom/haar moontlik maak./het gedink die maan is van kaas.√<br><br>Hy/sy kom tot die begrip/gevolgtrekking dat liefde nie altyd positief is nie./dat geluk binne jou lê./Die spreker weet hy/sy moenie langer goedgelowig wees nie./weet dat die maan nie van kaas gemaak is nie. √ | 1<br><br>1 |
| 2.5 | Hartseer/somber/stemming van ontnugtering/nugtere besinning/teleurstelling/ morbiede stemming √ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 2.6 | Die gebroke rym/vrye vers sluit aan by die tema van ’n gebroke verhouding./herinnering van ’n gewese geliefde./die spreker en geliefde wat nie saam gerym (gepas) het nie. √ | 1 |
| | | **10** |

**VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG**
**“staat”– Niel van Tonder**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | Dit wat kenmerkend aan hierdie krap se gedrag is, word nou eerste genoem en so word dit beklemtoon./<br>Inversie beklemtoon die jare wat die krap al sit. (*sit jare*)/<br>Dit beklemtoon die manier waarop die krap sit. (*roerloos*)./dat die krap niks aktief doen nie./<br>Die kleur “wit” word beklemtoon deur die voorplasing.<br>’n Krap loop sydelings/skeef en die omgekeerde woordorde ondersteun hierdie gedagte. √ | 1 |
| 3.2 | Die alliterasie beklemtoon die doodsheid in die krap se situasie./die politieke toestand./stagnasie.<br>Dit verbind twee woorde wat verband hou./*dood* a.g.v. *droogte* wat op betekenisvlak verband hou./politieke dood en politieke droogte. √ | 1 |
| 3.3 | Metafoor √<br><br>Die miere verwys gepas na die meerderheid wat onderdruk is./<br>Die woord “bataljon” dui op ’n afdeling soldate wat op oorlog dui./<br>Die assosiasie met ’n oorlog of stryd is gepas./<br>Die doelbewuste aanval van die miere word so beklemtoon. √ | 1<br><br><br><br><br>1 |
| 3.4 | ’n Mens sou nie verwag dat die vyand ’n teenstander wat gepantser en paraat is so maklik/onopvallend verslaan nie./<br>’n Mens verwag nie dat ’n krap (wat normaalweg groter as ’n mier is) deur ’n klomp klein miertjies oorrompel sal word nie./<br>’n Mens verwag dat ’n *pantser* en paraatheid die krap teen indringers/vyande sou beskerm; die teendeel is waar: dit het tot sy ondergang gelei./die miere het sy pantser binnegedring. √<br><br>*Beide kante van die ironie moet vir EEN punt aangebied word.*<br><br>**EN**<br><br>Dit toon/dui die spreker se verwondering/ongeloof oor die suksesvolle aanval aan.<br>Dit dui aan dat die spreker ontdek het dat die krap inderdaad dood is./dat die parate pantser nie so paraat was nie.<br>Die spreker beklemtoon dat niemand agtergekom het dat die krap dood is nie.<br>Dit betrek die leser.<br>Die strofe lei die wending in.<br>Dit bied, aan die einde van die gedig, ’n profetiese blik op die toekoms. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br>2 |

Kopiereg voorbehou 

| | | |
|---|---|---|
| 3.5 | ’n Krap kan nie vir jare roerloos sit nie./<br>Die woorde “parate pantser” het met oorlog/die mens te make./<br>Die krap is by geleentheid waaksaam, wat daarop dui dat hy/sy kennis dra van gevaar./aansluit by die verwysing na *bataljon*/*parate pantser*/subtiele verwysings na oorlog./<br>Niemand weet of die krap dood is nie, want die “krap” is ’n beeld van iets meer as ’n werklike dier./<br>Die afwesigheid van ’n lidwoord in die titel dui op ’n *staat* in die algemeen./gee meer interpretasiemoontlikhede./meervoudige betekenis van woord *staat*.√ | 1 |
| 3.6 | Ja<br>Daar is geen lidwoord voor die titel om na ’n spesifieke staat te verwys nie.<br>Hier word nie na net ’n spesifieke regering of staat verwys nie, maar na enige instansie wat stagneer.<br>Stagnering is ’n probleem wat in enige plek in die wêreld/in enige vorm/selfs by die individu kan voorkom.<br>Die rasseverhoudings tussen swart en wit is universeel. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde aan vir EEN punt elk.*<br>*Blote “swart teenoor wit” kan nie as korrek aanvaar word nie.*<br>*Die kandidaat kan nie NEE as ’n antwoord aanbied nie.* | 2 |
| | | **10** |

**VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG**
**“Kwatryne” – Ina Rousseau**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | “lank reeds”/“reeds gegrimeer” √ | 1 |
| 4.2 | Die metafoor impliseer dat die lewe ’n klug/toneelspel is./<br>Die lewe is metafories ’n spel op die verhoog (met God as die Regisseur). √<br><br>“... as daar <u>applous</u> was ...”/<br>“... <u>décor</u> moeg na onder haal ...”/<br>“... ons wat ons <u>kostuums</u> uittrek ...” √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE voorbeelde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>2 |
| 4.3.1 | “In hierdie klug”/“(vergeet) soms ’n akteur” √<br><br>Dit plaas “akteur” in die rymposisie./<br>Beklemtoon die akteur./<br>Die klugtige aard van alles word beklemtoon./<br>Versterk die eindrym./<br>In ’n Persiese kwatryn kan rymdwang gebruik word om die rympatroon te bewerkstellig. √ | 1<br><br>1 |
| 4.3.2 | Die norme/waardes/beginsels waarvolgens die mens leef. √ | 1 |
| 4.4 | ’n Akteur (in die lewensrol)/die mens/elke mens √ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 4.5 | *Die kandidaat gee sy eie antwoord binne konteks van die gedig, bv.*<br><br>Kwatryn 10<br>Ek wag ook om my lewensrol te vertolk.<br>Ek plaas my vertroue in 'n Skepper om te weet wat my doel is.<br><br>**OF**<br><br>Kwatryn 11<br>Ek het ook 'n rol om in die lewe te vertolk.<br>Ek hoop om vir my goeie optrede op aarde vergoed te word. √√<br><br>**OF**<br><br>Kwatryn 12<br>Ek is ook op myself aangewese in die lewe.<br>Soms verloor ek koers en kry nie hulp nie.<br><br>**OF**<br><br>Kwatryn 13<br>Ek wonder soms of ek 'n bydrae op aarde/in iemand se lewe maak.<br>Ek wonder of my bydrae enigsins gemis word.<br><br>*Die kandidaat bied TWEE redes vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| | | **10** |

**EN**

**VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG**
**"As die son sak uit die weste" – Clinton du Plessis**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | Vrae/Retoriese vrae word direk aan die leser gestel. √ | 1 |
| 5.2 | v-alliterasie/alliterasie √ | 1 |
| 5.3 | "jy't alles alreeds tweedehands beleef"/<br>"alreeds tweedehands beleef via cnn" √ | 1 |
| 5.4 | Metafoor √<br><br>"weier om te pit"/<br>"fetusse <u>seningdroog</u> opgekrimp sien" √ | 1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 5.5 | Niemand luister meer na Afrika (se probleme) nie./<br>Niemand slaan ag op Afrika en sy probleme nie./<br>Nie almal luister na die mooi van Afrika/kultuur/tradisie/omgewing nie. √<br><br>*Die kandidaat gee sy eie mening binne konteks van die gedig, bv.*<br><br>Ja<br>Afrika is 'n onderontwikkelde kontinent met baie mense wat dikwels deur die ontwikkelde lande geïgnoreer word./<br>Lande wat meer ontwikkeld is/oor meer rykdom beskik, kyk nie na Afrika nie./ reik nie uit om hulp te verleen of die probleme op te los nie./<br>Lande wat by Afrika betrokke raak, wil net voordeel daaruit trek.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Talle Afrikaleiers hou nie van inmenging van lande buite Afrika nie./<br>Afrikane wil/kan hul eie probleme oplos./<br>Die Westerse wêreld het soveel van hulle eie probleme dat hulle nie tyd/geld het om aan Afrika te bestee nie. √ | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 5.6 | Die son wat uit die weste sak (dan word dit aand/donker), kan na die donker in die laaste versreël, "www.donkerafrika.com", verwys./<br>Daar word na Afrika as donker Afrika verwys (www.donkerafrika.com) wat aansluit by die sonsondergang wat donkerte bring./<br>Die woord *son* kom hier en in die titel voor./<br>Die Weste laat die son oor Afrika sak./<br>Die Westerse geldmag dra by tot Afrika se armoede./<br>Die vraag in die slotkoeplet word in die titel beantwoord./<br>Die munt voor die son verwys na die korrupsie/gebrekkige groei in Afrika wat die oorsaak van die donkerte oor Afrika is. √√√<br><br>*Die kandidaat bied enige DRIE soortgelyke antwoorde binne konteks van die gedig aan.* | 3 |
| | | **10** |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: ROMAN**

Beantwoord EEN vraag.

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE*** **– Eleanor Baker**

**VRAAG 6: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – LITERÊRE OPSTEL**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**
- Dis ’n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**Simbole:** B Buitestaander

*Die kandidaat bied ’n gepaste inleiding aan.*

- **Iris voel soos ’n buitestander**, want met haar geboorte was haar ma onseker of sy haar hoor skree het./Bv. bl. 1: *Miskien het my ma my skree gehoor ...*
- **Iris voel nie welkom in haar gesin nie**, want haar ma beskou haar as anders/Bv. bl. 9: *“Heeltemal anders,” het Ma saamgestem.*
- **Haar ma verklaar dat Iris sedert haar geboorte anders was, in stryd met die gesin**, want sy was nie soos haar susters nie./Bv. bl. 9: *“Heeltemal anders,” het Ma saamgestem.*
- **Iris voel al sedert haar geboorte dat sy ’n alleenloper is** aangesien niemand, en veral haar ma, nog regtig die moeite gedoen het om na haar te luister nie./Bv. bl.14: *Dit was een van die min kere dat sy met groot aandag na my geluister het.*
- **Iris voel van die begin af dat sy anders as haar susters is** en hulle beskou haar eintlik as ’n aardigheid/minder belangrik./Bv. bl. 10: *Hulle was nie beïndruk nie en het eintlik net gekom om Ma te sien en hulle leeslesse hardop vir haar te lees soos hulle gewoond was.*
- **Iris hoor sy was eintlik ’n glips** en voel nie of sy werklik moet deel wees van die wêreld om haar nie./Bv. bl. 26: *Iris was ’n glips.*
- **Pa het, anders as vir haar susters, nie vir Iris ’n familienaam gegee nie**, **sy was dus die buitestander wat haar naam betref**, daarom soek sy voortdurend na die ooreenkoms tussen haar naam en haar lewe./Bv. bl. 10: *My twee mooi susters was toe reeds na sowel vaders- as moederskant vernoem.*
- **Iris besef vroeg reeds sy is nie soos die res van haar familie nie** en weet dat haar naam gekoppel is aan haar buitestanderskap../Bv. bl.11: *“Iris beteken iets anders,” het ek vertel.*
- **Iris sê dat sy so êrens in die middel** van die ernstige Elsa en die diepsinnige Kara is, want sy voel soos ’n Aspoestertjie./Bv. bl. 5: *Ek het dikwels soos Aspoestertjie gevoel ...*
- **Iris, anders as haar susters, bevraagteken dinge om haar** en daarom dink mense sy is anders; ’n buitestander./Bv. bl. 161: *... het ek Ouma se weergawe van die gebeure bevraagteken.*
- **Iris is ’n laatlam (6 jaar na die geboorte van die ander susters)** en het haarself as ’n alleenloper beskou wat op oorskietkos geleef het./Bv. bl.14: *Uit die aard van die saak was ek dus ’n alleenloper en, soos Polder, iemand wat op oorskietkos geleef het.*
- **Iris is indirek ’n buitestander,** want alles wat sy doen, is reeds deur haar susters gedoen./Bv. bl. 34: *Wat ek ook al gedoen het, was reeds deur hulle gedoen.*
- **Iris voel dat sy, anders as haar huisgesin, besonder skerpsinnig en diepsinnig is.**/Bv. bl.10: *Die iris was tog ook deel van die oog en in daardie stadium het ek myself nie slegs as diepsinnig beskou nie, maar as ook besonder skerpsinnig.*

- **In gesprekke is Iris deur haar pa stilgemaak en mag sy nie die sake saam met die res van die huisgesin bespreek het nie**, byvoorbeeld waar Elsa en Hannes se huwelik bespreek is. Sy word dus anders behandel/uitgestoot./Bv. bl. 20: *"Stil, Iris," het Pa kwaad gesê. "Jou susters veroorsaak meer as genoeg moeilikheid. Aan jou stuiwer het ons nie nou 'n behoefte nie."*
- **Iris se buitestanderskap gee aanleiding tot haar verbeeldingswêreld** aangesien sy vir haar 'n fantasiewêreld skep om van die alledaagse lewe te ontsnap./Bv. bl.28: *Dit het een van my meer uitgebreide verbeeldingsvlugte geword ...*
- **Die Engel het die eerste keer in Parys aan Iris verskyn, omdat sy alleen in die vreemde was en gevoel het** en iemand nodig gehad het. Hy hef dus haar alleenheid op./Bv. bl. 97: *Jy dra mos jou beskermengel saam met jou.*
- **Iris is alleen daarom is Iris die enigste persoon in haar gesin, buiten haar ouma, wat die Engel kan sien** en met hom gesprekke kan voer. Sy laat dus die Engel toe om haar alleenheid op te hef./Bv. bl. 93: *Van die Engel het ek geswyg.*
- **Na Iris se studies, besluit sy nie soos die norm om 'n werk in haar studieveld te soek nie**, maar gaan werk by dr. Anders./Bv. bl. 41: *"En volgende jaar?" "Werk." "Waar?" "By dokter Anders."*
- **Iris gaan alleen na die partytjie waar sy Peter ontmoet** en het dus nie nodig om in groepsverband te funksioneer nie./Bv. bl. 36: *Dit was 'n studentepartytjie, maar hy het nie vir my na 'n student gelyk nie.*
- **Iris skep 'n fantasiewêreld/droomwêreld met karakters wat na haar luister** omdat sy alleen voel./Bv. bl. 40: *Wanneer ek alleen was, het ek my storie poleer en al my karakters se motiewe verfyn.*
- **Iris besluit om alleen oorsee te gaan** en steur haar nie aan opmerkings dat dit nie die regte ding vir 'n jong meisie is om te doen nie./Bv. bl. 86: *Ek weet wat ek doen en ek wou buitendien altyd oorsee gegaan het.*
- **Tydens die oorsese besoeke het Iris alleen rondgeloop of gevoel**./Bv. bl. 97: *Niemand het die deur oopgegooi en my naam geroep nie, daar was niemand om my te omhels en te verwelkom nie.*

*Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.*

**25**

**VRAAG 7: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 7.1 | Parys/Frankryk/Europa √<br><br>New York/Vermont/Amerika √ | 1<br><br>1 |
| 7.2 | Pa het self besluit om plaas toe te trek./sy gesin agter te laat./<br>Hy kies om net biltong te eet. √<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Sy kom plaas toe./lê 'n groentetuin aan./kook vir hom gesonde kos. √ | 1<br><br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.3 | Pa is ongekompliseerd./het nie tyd vir nonsens nie./gee nie voor nie. √<br><br>*Die kandidate kan enige TWEE soortgelyke voorbeelde uit die roman aanbied vir TWEE punte, bv.*<br><br>Sy gee tee uit 'n koffiepot./<br>Sy ry sonder remme en gebruik 'n sandbank om haar motor te stop./<br>Sy gee die babahanddoeke vir gebruik. √√ | 1<br><br><br><br><br><br><br>2 |
| 7.4 | Hy los gesprekke oor vrouesake/emosionele dinge vir Ma en Johanna./<br>Dit is in Pa se geaardheid om nie baie te kommunikeer nie./<br>Dit is nie vir Iris belangrik om met Pa 'n verhouding te hê nie./<br>Iris leef in 'n fantasiewêreld./is afwesig./<br>Pa sien Iris as onbelangrik./<br>Iris se pa is sedert haar geboorte afwesig. √ | <br><br><br><br><br>1 |
| 7.5 | Johanna is die instaan-moeder vir Iris./<br>Johanna sê openlik dat Iris haar gunsteling is./<br>Sy waarsku Iris teen die anderskleuriges in Amerika./<br>Johanna gaan uiteindelik by Iris en Peter bly. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE voorbeelde uit die roman vir EEN punt elk aan.*<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Johanna ondersteun Kara se keuse van 'n lewensmaat./<br>Johanna het openlik gesê dat Kara een van haar gunstelinge is./<br>Johanna verkies om by Iris en Peter te bly toe Ma plaas toe trek.<br>Johanna het vir Elsa met haar kinders gehelp./'n stringetjie pêrels vir haar troudag geleen.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Johanna het van Elsa by Iris geskinder./<br>Johanna verkies om nie by Kara of Elsa te bly nie. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n eie motivering binne die konteks van die roman vir EEN punt aan.* | <br><br><br>2<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 7.6 | 'n Iris is 'n gedeelte van die oog.<br>Iris is in die <u>Griekse</u> mitologie die godin/in diens van hoër gode.<br>Iris is die Griekse <u>godin van die reënboog</u>.<br>'n Iris is 'n embleem, o.m. as die fleur de lis op die Franse vlag. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE voorbeelde vir EEN punt elk aan.* | <br><br><br>2 |
| 7.7 | Die tema is die mens se hunkering na die groot oomblik in sy/haar lewe. √<br><br>Die leser kom tot die besef dat sy/haar hele lewe 'n "blomtydperk" kan wees – dit word nie beperk tot een magiese oomblik nie./<br>Die realiteit van 'n geroetineerde voorstedelike bestaan kan net so magies wees soos die beste fantasie. /<br>Moenie so na jou ideale oomblik hunker dat jy die lekker van die lewe mis nie. √ | 1<br><br><br><br><br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.8 | Teen die agtergrond van Peter se sweisongeluk./se ongeluk. √ | 1 |
| 7.9 | Die leser besef dat Iris ook emosioneel kan optree./<br>Die leser besef dat Iris verantwoordelikheid vir haar optrede aanvaar./<br>Die leser wonder of Iris die waarheid oordra. √ | 1 |
| 7.10 | Iris is nou hartseer/moedeloos terwyl sy in Teks A bekkig/opgeruimd was. √<br>In Teks B is sy volwasse/beskermend/bekommerd oor Peter terwyl sy in Teks A jonk/naïef/onvolwasse/onverskillig staan/selfsugtig is/gaan dit oor haarself/ haar eie blomoomblik/nie weet van Peter se planne nie.<br><br>Sy het daarna uitgesien om by Peter te gaan kuier, maar nou vrees sy hy is blind – dit sal tog hul lewe saam beïnvloed.<br>Sy was opgewonde oor die ontwikkeling van hul verhouding, maar nou vrees sy hy is blind – dit sal tog hul lewe saam beïnvloed.<br>Iris is jammer vir Peter./ontsteld oor wat gebeur het.<br>Daar is ’n intiemer verhouding as wat in Teks A bestaan het. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE voorbeelde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>2 |
| 7.11 | Die Engel bevestig sy vroeë woorde dat hy nie vir Iris (se veiligheid) verantwoordelik is nie./Iris is vir haar eie veiligheid verantwoordelik./<br>Die woorde kan as blote gerusstelling/groet dui voordat Iris hospitaal toe ry./<br>Die leser mag dalk dink die Engel weet Iris gaan in ’n motorongeluk betrokke wees./<br>Die leser mag dalk dink iets gaan op pad hospitaal toe met Iris gebeur.<br>Dit impliseer dat Iris daar moet wees as Peter gesond word (en nie self in ’n ongeluk beland nie)./<br>Hy voorspel dat Peter gesond sal word. √ | 1 |
| 7.12 | Die Engel stel haar gerus./is goed vir haar./beteken baie vir haar. √<br><br>**EN**<br><br>Iris wil vir die Engel haar dankbaarheid betoon./<br>Iris wil die Engel vly met mooi woorde./<br>Iris wil hê die Engel moet weet hy is spesiaal. √<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Die Engel beskerm haar toe hy die yster reggesit het.<br>Die Engel gee in Frankryk vir Iris raad om haar nie aan die ongeskikte man se negatiewe opmerkings te steur nie.<br>In Amerika sê hy vir Iris hoe om teenoor Peter op te tree toe Peter moeg is.<br>Die Engel raai Iris aan om saam met Peter vakansie te gaan hou pleks van ’n modelloopbaan te volg.<br>Die Engel laat haar besef ’n naam is net ’n naam./die lewe is nie ’n storieboek nie.<br>Die Engel het haar in Vermont in die hospitaalkamer geselskap gehou.<br>Die Engel het getrou by haar gebly as hy elke aand by haar in die tuin is.<br><br>**OF** | 1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| | Nee<br>Die Engel het nie die sweisapparaat afgeskakel nie.<br><br>Die Engel het vir haar gesê sy moet self die toekoms opdroom. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE gepaste voorbeelde uit die roman vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| | | **25** |

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS*** **– Pieter Pieterse**

**VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – LITERÊRE OPSTEL**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**
- Dis ’n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**Simbole:** (B)V Baas voor (groei/rus/omgee)
(B)N Baas na (groei/rus/omgee)

*Die kandidaat verskaf ’n gepaste inleiding.*

- **Baas is ’n swerwer wat na sy ouers se dood nie regtig ’n heenkome het nie,** want hy mag, as uitlander, nie die Sable-Ranch-plaas erf nie./hy moet, as uitlander, sy beeste skiet om iets van sy erfporsie te bekom./Bv. bl. 12: *Hy word as ’n uitlander beskou en beland in ’n jare lange politieke oorlog om iets van sy erfporsie te probeer behou. Uit desperaatheid word hy jagter. Maande lank jag hy meedoënloos sy eie beeste in die mopanieveld van Sable Ranch.*
- **As swerwer begin Baas sy swerftog deur na sy familie in die Houtboschberg terug te keer**, want hy soek na iets van die gemeensaamheid van vroeër./Bv. bl. 13: *In 1991 pak hy sy aardse besittings op die Land Rover en gaan terug na sy plek van herkoms om iets van die drome van sy jeugjare terug te vind.*/Bl. 14: *In die huise van die enkele familielede wat nog in die gebied oor is, kry Baas die warmte van gemeensaamheid waarna hy dikwels na sy pa en ma se dood verlang het.*
- **In sy swerftog bly Baas soekend,** want hy is nie gelukkig waar hy is nie./bosbouwerk bevredig hom nie./besluit om ’n toergids in Botswana te word./Bv. bl. 14: *Hy aanvaar ’n pos as toergids by ’n safarimaatskappy.*
- **Baas kies tydens sy swerftog om sy oupagrootjie se drome na te jaag,** want hy kan sy onrustigheid nie meer keer nie./Bv. bl. 15: *Hy kan sy ongedurigheid nie langer besweer nie.*
- **Die toergidswerk bring ook nie vervulling nie,** want hy word ’n bootsman wat bedags droom oor/beplan aan sy eie boot./Baas bedank sy werk om na Barotseland te gaan./Bl. 15*: By ’n ander toergids koop hy ’n tweedehandse motorboot en ’n sleepwa en bedank uit sy werk.*

- **Hy reis na Manaka en verken die Zambezi met ’n tweedehandse motorboot,** want hy is op sy gelukkigste wanneer hy besig is om in sy oupagrootjie se voetspore te volg./Bv. bl. 15: *Hy wys die werksaanbod vir eers van die hand. Mark onderneem om na sy kamp om te sien toe Baas met net die noodsaaklikste bagasie sy reis voortsit, eers weswaarts tot waar die Zambezi sy boggel maak.*
- **Baas word die nuwe bootsman op Mark James se Zambezi Joy**, so vaar Baas met die Zambezi Joy, en is net sporadies op Manaka. Baas het nog nie ’n plek gevind om tot rus te kom nie./Bv. bl. 34: *Die Zambezi Joy kry ’n nuwe bootsman, wat ook as stuurman dien.*
- **In 1991 vestig Baas hom op Manaka toe die padnetwerk verbeter/die Zambezi Joy verkoop word,** want hy koop die Zambezi Joy met die hoop om dit te verander vir gebruik as sy toeristeboot en so tot rus te kom./Bv. bl. 38: *Twee jaar ná Baas as bootsman op die Zambezi Joy begin werk het, knars die Zambezi Buffalo Transport se ratte tot stilstand. Dit gee hom die geleentheid om die boot te koop. Dit is die kans van ’n leeftyd. Die soort geld wat hy nodig het om sy eie boot te bou, besef hy lank reeds, het hy doodgewoon nie.*
- **Aanvanklik wil Baas eerder onbetrokke bly/nie vir ander omgee nie,** as hy nie veel met die Lozi’s te doen wil hê nie./hom vererg wanneer siek mense by hom aanklop/ wanneer die khuta van hom verwag om sy voertuig in hulle belang te gebruik./Bv. bl. 34: *Want jy het haar weggejaag maar agterna het jy tog die malariapille gebring.*/Bl. 57: … *Solank die houer van ’n konsessie gereeld betaal en sy verpligtinge teenoor die stam nakom deur sy lewensmiddele tot die beskikking van die mense te stel, kan ’n konsessie nie gekanselleer word nie.*/Bl. 108: *… Omdat hy sy LDV stukkend gery het agter die pale van die khuta aan!*
- **Hy dink dat hy in isolasie/alleen ’n bestaan kan maak, nie die plaaslike bevolking nodig het nie** as hy vir Grace wegjaag./Bv. bl. 93 *“Laat my toe om in my eie taal duidelik vir jou te sê hoe ek voel: Loop. En bly asseblief van my af weg."*/Bl. 94 *"Ek sal my eie probleme oplos, dankie.”*
- **Baas wil niks met Christenskap te make hê nie/as Christen omgee vir iemand nie,** want hy vererg hom oor Grace se mededeling dat ouma Essie sê hy is ’n Christen./met ’n doel na Manaka gestuur is./Bv. bl.91: “*Ek het maar net gedink ek sal jou mond toehou. Die laaste keer toe iemand jou ’n Christen genoem het, het jy baie lelik gepraat.*”/Bv. bl. 43: *Wat ... het haar dié idee gegee? sê hy in Afrikaans*.
- **Die sendelinge se teenwoordigheid maak Baas woedend**, want hy wil hulle nie op sy werf hê nie./wil nie Manaka met ander mense deel nie./Bv. bl. 82: *“Wat soek julle in my kamp?”*/Bl. 84: “*Dit maak seker nie van mens ’n helikopter-pilot nie, maak dit?” Baas vat steeds nie sy hand nie.*
- **Baas worstel met sy situasie/ervaar baie innerlike konflik,** want hy wil nie die mense van Manaka versorg/vir hulle medisyne gee/gepla word/met godsdiens gekonfronteer word nie, want dan kan dit beteken dat hy vir die ander mense op Manaka omgee./ Bl. 126: *“Ek is nie in Barotseland om welsynswerk te doen nie.”*/Bl. 87: “*Sê vir hulle hulle kan ... vlieg.”*
- **Met die verloop van tyd word Baas beïnvloed deur Grace wat hom help met die keuses wat hy moet maak/herinner aan sy droom,** want sy is in haar wese ’n Christen wat omgee, hulp verleen en medemenslik leef./sy herinner hom telkens aan die goeie mens wat hy is./wys vir hom wat dit is om te vergeef./Bl. 228: … *“Niemand het genoeg vir hom omgegee nie,” sê Grace stil.*
- **Baas word ook deur ouma Essie gehelp om antwoorde op sy vrae te kry,** want sy gee vir hom die lyfband van muluti Joseph sodat hy in sy rol as geestelike leier kan ingroei./sy gee vir hom allerlei teksgedeeltes om te lees./leef die voorbeeld uit van wat Baas inherent is./antwoord hom op sy vrae oor wat van ’n mens ’n Christen maak./Bv. bl. 197: *Ouma Essie nooi Baas om die begrafnis van die vrou wat dood is, by te woon*./Bl. 202: *Jou reg om ’n Christen te wees maak van jou ’n Christen.*
- **Baas se gesprek met Whitey dra ook by tot sy veranderde siening**, want hy hoor dat omgee in hulle familie se bloed loop./Bv. bl. *234: Is dit dalk ook hoe die familiekwaal werk waarvan Whitey gepraat het? En hoe 'n kampvuur in die nag werk, bo, langs die Zambezi op die Angolagrens waar Manuel met ’n bekertjie droë boontjies sit en wag vir Iemand …?*

| |
|---|
| • **Uiteindelik aanvaar Baas sy rol as geestelike leier op Manaka/volg hy in sy oupagrootjie se voetspore. So kom hy op Manaka tot rus/beëindig sy swerfskap,** want hy bid by ouma Essie se siekbed./hy gee muluti Joseph se lyfband terug./suggereer dat hy die herstel van die sendingkerk gaan doen./herstel die houtbankies wat wil aandui dat Manaka, soos in die verlede, 'n plek gaan wees waar die gemeenskap/kinders byeen gaan kom./skiet Morena om Johnnie se vrou en kind los te koop./Bv. bl. 243: *"Dankie, ouma Essie," sê hy. "Ek het dit nie meer nodig nie."*/Bl. 243: *"Dankie, Here. Amen." sê Baas.*/Bl. 244: "Die deure en die vensters vir die kerk het gekom," sê Baas./Bl. 244: *Meneer Johnnie help hom die planke en die stutpaaltjies te verf* .../Bl. 244: *By sy kamp dra Baas Morena se horings teen die bult uit en slaan dit bokant Manaka se naambord teen die stutpaal vas.*<br><br>*Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.* |

**25**

**VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 9.1 | Riekert √<br><br>Hy het probeer om aandele in Baas se boot te koop./Hy wil met diamante smokkel. √<br><br>Hy word deur die polisie gevang. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 9.2 | Baas se oupagrootjie het die eerste Brindle na Manaka gebring./het ook 'n hond met dié naam gehad./Die honde was van dieselfde ras. √ | 1 |
| 9.3 | Baas wou aanvanklik nie die armes en die siekes help nie, maar hy het tog later.<br>Baas wou nie vir Grace pille gee toe sy siek geword het nie, maar hy het in die donker na Ouma Essie geloop en dit vir haar gaan gee.<br>Baas wou die wildsvleis aan die siekes en armes verkoop, maar gee dit weg wanneer hulle nie kan betaal nie.<br>Baas wou nie die sendelinge op sy werf hê nie, maar hy verdra hulle.<br>Baas wou nie betrokke wees by die herstel van die kerkie nie, maar gebruik sy Land Rover om goed aan te ry.<br>Baas word woedend vir die khuta, maar doen tog soos hulle van hom verwag.<br>Baas vererg hom vir die sendelinge, maar haal sy woede op hout of die worsboom uit.<br>Baas wou niks met Grace te doen hê nie, maar laat toe dat sy hom help.<br>Baas wou nie die leier van Manaka wees nie, maar aanvaar later sy rol as geestelike leier.<br>Nadat Ouma Essie ingegryp het, het Baas sy leierskap/Christenskap aanvaar. √√√<br><br>*Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 9.4.1 | Baas was so kwaad vir die sendelinge/Griesel dat hy die worse van die worsboom afgeskiet het./<br>Baas toets sy geweer. √ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 9.4.2 | Nanna slaap saam met oom Scholtzie onder die afdak.<br>Nanna slaap by Ouma Essie en Grace.<br>Nanna gee haar sweetpakbroek vir Grace om aan te trek.<br>Nanna voel gemaklik om vir die vroue te sing toe sy die kerkvroue weer terugbring na die kerk.<br>Nanna is nie skaam om haar gedagtes met Baas te deel nie.<br>Nanna laat toe dat daar aan haar hare gevat word. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE gepaste antwoorde uit die roman vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 9.4.3 | Baas wou alleen wees, maar hy besluit om die sendelinge se teenwoordigheid te verduur./<br><u>Baas wou niks met godsdiens te make hê nie, maar</u> die sendelinge se koms/ teenwoordigheid konfronteer hom met godsdiens wat tot <u>sy besluit</u> bydra <u>om betrokke te wees by die herstel van die sendingkerk</u>./laat hom aanhoudend vrae oor godsdiens vra. √<br><br>*Die kandidaat moet albei kante van die konflik vir EEN punt aanbied.* | 1 |
| 9.5 | Hy is vererg vir (omdat) Nanna (saam met hom gaan jag)./<br>Die sendelinge kom krap sy lewe om. √ | 1 |
| 9.6 | Nee<br>Baas het niks met sy skoonfamilie en/of sy huislike probleme en/of sy armoede te make nie.<br>Dis nie Baas se skuld dat Chisupo kwansuis vir meneer Johnnie getoor het nie.<br>Baas wou eerder vir meneer Johnnie op die jagtog saamneem.<br><br>**OF**<br><br>Ja<br>Dis Baas se skuld dat Chisupo sy toorkrag gebruik het om meneer Johnnie in die ellende te laat beland.<br>Chisupo wou keer dat die plaaslike mense vir Baas help.<br>Chisupo wou sy boosheid gebruik om die Christendom te beveg. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE motiverings uit die roman vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 9.7 | Alomteenwoordige verteller/Derdepersoonsverteller √<br><br>Die verteller weet wat in Baas se gedagtes aangaan./<br>Die verteller is 'n objektiewe waarnemer van Baas se onsekerheid./<br>Die verteller beskryf Baas se optrede. √ | 1<br><br><br><br>1 |
| 9.8 | Ja.<br>Whitey en Baas se name is dieselfde naam as wat in die bas van die kremetart uitgekrap is. √<br>Whitey en Baas het dieselfde oupagrootjie wie se naam in die kremetart uitgekrap is. √<br><br>Ja<br>Baas bly hom uitvra./suggereer dat daar 'n verband is. √ | 2<br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 9.9 | Albei is met ’n doel na Manaka gestuur./gestuur om op Manaka te help. √<br><br>Met die herstel van die kerk neem hy sy oupagrootjie se plek as geestelike leier op Manaka in.<br>Met die herstel van die bankies onder die worsboom neem hy sy oupagrootjie se plek as geestelike leier op Manaka in.<br>Hy kerf sy naam onder sy oupagrootjie se naam uit en neem so sy oupagrootjie se plek as geestelike leier op Manaka in.<br>Hy spyker die <u>buffelkop/Morena se horings</u> by Manaka se ingang vas en neem so sy oupagrootjie se plek as geestelike leier op Manaka in.<br>Hy gee vir Ouma Essie haar oorlede man se lyfband terug en neem so sy oupagrootjie se plek as geestelike leier op Manaka in.<br>Baas aanvaar Grace in sy lewe toe hy haar vra om hom net Baas te noem.<br>Leef volgens die reëls van die gemeenskap en neem so sy regmatige plek op Manaka in. √√√<br><br>*Die kandidaat bied DRIE optredes vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>3 |
| 9.10 | Die mens staan in ’n verhouding met die natuur./<br>Die mens staan in verhouding met ander mense./het altyd verbintenisse met ander mense. √<br><br>Jy staan nie alleen nie./staan altyd teenoor ander mense met wie jy moet saamleef./vir wie jy verantwoordelikheid moet aanvaar./<br>Naasteliefde/Ubuntu/Omgee behels dat ’n mens beskikbaar moet wees vir dienslewering./<br>Ons moet mense volgens hulle dade oordeel, eerder as volgens hulle woorde./velkleur./agtergrond. √<br><br>*Die kandidaat bied die tema en ’n gepaste boodskap binne konteks van die roman aan.* | 1<br><br>1 |
| | | **25** |

***VATMAAR*** **– AHM Scholtz**

**VRAAG 10: *VATMAAR* – LITERÊRE OPSTEL**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**
- Dis ’n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**Simbole:** S Sus Bet
C Oom Chai
K Kenneth Kleinhans

| |
|---|
| *Die kandidaat gee ’n gepaste inleiding.*<br><br>• **Sus Bet gee om**, want sy gee ’n vyfpondnoot vir ’n arm man wat deur Stoffel Jones sleg behandel word./Bv. bl. 81: *Bet vat sy hand, sit die stukkie papier daarin en vou sy vingers daaroor toe.* |

- **Sus Bet ontferm haar oor Ta Vuurmaak**, want sy versorg hom wanneer hy oud is en maak sy blyplek skoon./Bv. bl. 84: *Sy het altyd op Saterdae sy cabin aan die kant gaan maak en sy klere gewas.*
- **Sus Bet gee om vir oom Flip**, want sy ondersteun sy droom en help hom om dit te verwesenlik./Bv. bl. 80: ... *my Flippus het nie baie geld nie. Net as jou prys billik is en ons kan dit bekostig, kan ons dalk besigheid doen*.
- **Sus Bet gee vir Broer om**, want sy help hom om selfversorgend te wees deur vir hom te wys hoe om kaas te maak van die oorblywende bokmelk en magou van die mieliemeel. /Bv. bl. 85: *Sus Bet het ook vir Broer geleer hoe om magou van mieliemeel te maak*.
- **Sus Bet is mededeelsaam**, want sy het die geld wat Oom Flip vir haar gegee het gebruik om vir hulle twee iets lekkers te koop./Bv. bl.49: *Sy het dan vir hulle bruinsuiker gekoop en soms 'n blikkie kondensmelk..., en elkeen het dan die helfte uitgesuig."*
- **Sus Bet gee baie vir oom Flip om**, want sy waarsku hom om nie weer diamante te steel nie, andersins sal hy in die tronk beland./Bv. bl. 66: *Ek kon hulle ook gevat het, het Oom Flip by homself gedink, maar my Bet het gesê ek moet dit nie weer doen nie./*sy het hom getroos wanneer hy hartseer was./Bv. bl.73: *Bet het sy trane met die handdoek afgedroog.*
- Sus Bet het vir Ta Vuurmaak gevra om die stories van die verlede aan die jongelinge te vertel/sy het Ta Vuurmaak volgens die Griekwa-kultuur begrawe, **omdat sy omgegee het vir die Griekwa-kultuur**./Bv. bl. 83: *Daar was Griekwa-kinders wat Sus Bet wou hê die stories van hul afkoms moes hoor en onthou./*Bv. bl. 90: *... sodat Ta Vuurmaak die laaste kon wees om 'n Griekwa-begrafnis te kry.*
- **Sus Bet het vir haar medemens omgegee**, want sy help Kaatjie tydens Heinrich se geboorte omdat daar nie 'n vroedvrou is nie./Bv. bl. 267:*Sus Bet het die naelstring geknip./*want sy staan tydens tant Wonnie se verknorsing haar by./Bv. bl.226: *Hoe gaan dit, Wonnie? vra Sus Bet... Jy moet sê, jy weet mos ons kom 'n ver pad saam.*
- **Oom Chai gee vir sy medemens om**, want hy gee Ta Vuurmaak se naam op vir die oorlogmedaljes en uitbetaling./Bv. bl.13: *Ek het jou naam ook opgegee... / Vir jou betaling, Vuurmaak, het ek ook geteken./*hy staan Corporal Lewies by met die troureëlings./Bv. bl.19: *Toe kry ek 'n plan. George, het ek gesê, waarvan hou die Engelsman die meeste? En whiskey ... Ons twee base was platsak en maar te bly om ons die dag af te gee.../*want hy misbruik nie oom Chai wat die Vatmaargoed opgepas het nie./Bv. bl. 21:*... gee hy my twee pond om te koop wat ek nodig het en terug te gaan en onse aardse besittings verder op te pas./*hy laat vir hul 'n kerk oprig./Bv. bl.25: *... ons in Vatmaar het 'n sendingkerk nodig.*
- **Oom Chai gee vir sy medemens om**, want hy het die opdrag gegee dat daar vir die verbrande ouma 'n graf gegrawe moet word en hy het die Onse Vader saam met haar dogter gebid./Bv. bl. 8: *Chai het toe vir ons boys gesê om die grawe en pikke te bring en 'n graf te grawe net langs die lyk./Chai het dit saam met haar gesê.*
- **Hy is ook glad nie geneë om die Boeremense se huise af te brand nie**, want hy voel die huise is huise wat ook liefde huisves./Bv. bl. 11: *Wel, ek het gedink ek kan nie staan en kyk hoe die Boere oor niks moet ly en hoe vrouens en kinders uit hulle huise gevat word en hoe alles aan die brand gesteek word op orders van die Queen nie.*
- **'n Groot daad van omgee was toe Oom Chai Ruth se trourok betaal het**, want hy het gesien haar ouers was arm./Bv. bl. 18: *Toe het ek stilletjies met een van haar tantes afgespreek dat ek vir haar geld sal gee om vir Ruth trouklere te koop*.
- **Die toonbeeld van liefde wat geen grense ken nie**, was sigbaar tydens Ouma Lewies se begrafnis. Oom Chai het George Lewies vertroos./Bv. bl. 42: *Toe het die twee ou vriende hulle arms laat sak en sonder om na te dink het elkeen sy kakiesakdoek uitgehaal en die ander se gesig afgedroog.*
- **Oom Chai trou met Bettie** en beskerm die familienaam en red Bettie se naam so./Bv. bl. 273: *Hulle het bymekaargekom om die onaangenaamheid in die familie te bespreek, en na hulle hom 'n gat in die kop gepraat het, het hy ingestem om Bettie en die babaseun met hom terug te vat*.

| |
|---|
| • **Vatmaar beleef Kenneth Kleinhans se omgee** wanneer hy die kliniek op Vatmaar inisieer./Bv. bl. 296: *Wat ons in Vatmaar nodig het, sê hy, is 'n kliniek.*<br>• **Kenneth het gesien Suzan en Kaaitjie was in die nood oor hul ma** daarom het hy aangebied om borg vir Tant Wonnie te betaal./Bv. *Do you have a telephone number of a lawyer?*<br>• Boitjie Afrika beleef Kenneth se omgee toe **Kenny hom help met die sokkerspan en die sokkerveld**, want Boitjie was nie geletterd nie./Bv. bl. 302: *Goed, nou het jy twee pond./Bl. 303: Ek sal jou sê wat ek sal doen, maar dan moet jy dit oorskryf en onderteken, want dit moet jou handskrif wees.*<br>• **Geleerdheid is vir Kenneth belangrik**, daarom lees hy vir Kaatjie voor./Bv. bl. 154: *Hy het haar nou al 'n paar nuwe woorde en hulle betekenisse geleer.*<br>• **Kenneth het gesien Kaatjie en Suzan was in die nood oor hul ma**, daarom het hy aangebied om te gaan kyk wat aangaan./Bv. bl. 153: *Kenneth Kleinhans het die kardoes gevat en agter op sy bicycle se nuwe bagasierak vasgemaak.*<br><br>*Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.* |

**25**

**VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 11.1.1 | Kliniek Katrina √ | 1 |
| 11.1.2 | Kenneth wou Kaaitjie so eer/onthou. √<br><br>Kaaitjie is dood a.g.v. gebrekkige mediese sorg. √<br><br>Mr. Burns √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 11.2 | Kenneth en Suzan het vir mekaar lief geraak.<br>Kenny het in Heinrich 'n kind gehad wat hom plesier verskaf het.<br>Die *Masonic Temple* is drie dae voor sy inwyding voltooi. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 11.3 | Net Sus Bet weet waar die geheime bestanddeel/veldwortel gevind kan word wat in die khadie voorkom./<br>Sus Bet is bekend vir die khadi wat sy maak. √ | 1 |
| 11.4 | Sus Bet het Oom Flip omgepraat om diamante van die sorteertafel vir homself te vat.<br>Sus Bet het gesê dat hulle so moet steel/vat dat die witmense niks agterkom nie.<br>Sus Bet het vir Oom Flip aangesê om van die geld/sjielings en sikspense wat vir die water betaal is, vir homself te vat.<br>Sus Bet het Oom Flip met soene manipuleer dat hy diamante sal vat as hy haar liefhet. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 11.5 | Manipulerend. Sus Bet manipuleer Oom Flip om diamante te steel.<br>Vrygewig. Sy (en Oom Flip) gee graag hul bydrae/’n tiekie vir die kerk.<br>Skelm. Sus Bet dink nie dat daar enige fout is om te steel nie.<br>Tradisievas. Sus Bet is die bewaarder van die Griekwakultuur./begrawe Ta Vuurmaak op die Griekwa manier.<br>Ondernemingsgees. Sy verkoop khadi.<br>Ondersteunend. Sus Bet help oom Flip om sy droom van ’n vervoerbesigheid te verwesenlik.<br>Behulpsaam. Sus Bet versorg Ta Vuurmaak tot sy dood./help Kaaitjie.<br>Goedhartig. Sy gee vir arm mense wat deur Stoffel Jones sleg behandel word, ’n vyfpondnoot. √√√√<br><br>*Die kandidate bied TWEE karaktereienskappe vir EEN punt elk en EEN bewys vir elke karaktereienskap ook vir EEN punt elk aan.* | 4 |
| 11.6 | Sy wou die hooggeplaastes dronk kry om te wys dat hulle ook maar net mense is. √<br>Sus Bet wou die witmense terugkry vir die mishandeling wat sy op die delwerye moes deurmaak. √ | 2 |
| 11.7 | Teacher Elsa wil Kenneth se aandag trek./verlei./sien Kenny as ’n moontlike eggenoot. √<br><br>Sy sê aan George Lewies dat sy nie met ’n bruin man wil trou nie, maar met ’n wit man soos haar pa/terwyl sy vir Kenneth begeer.√<br><br>*Beide kante van die kontras moet vir EEN punt aangetoon word.* | 1<br><br>1 |
| 11.8 | Hy is nog lief vir Kaaitjie/is nog in rou oor Kaaitjie, maar Teacher Elsa kan sy verlange/gemis beantwoord. √<br><br>Mevrou Bosman het Kaaitjie in die tronk laat gooi wat haar gesondheid geknou het./Kaaitjie se briewe onderskep en dit het nooit vir Kaaitjie bereik nie. √<br><br>Nadat Kaaitjie haar straf vir dros uitgedien het, is sy dood met die geboorte van haar baba. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 11.9 | Ou Chetty het die eerste sokkerbal vir Vatmaar gegee. √<br><br>Boitjie Afrika het die idee gehad om ’n sokkerspan op die been te bring./het die brief vir die dorpsraad geskryf./het die span afgerig./bestuur. √<br><br>Kenneth Kleinhans het die brief geskryf wat Boitjie moes oorskryf./sokkerveld uitgemeet./pale geskenk./die grond identifiseer./die kalk geskenk. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 11.10 | Ja<br>Hy probeer nie meer Boitjie van die baan wees nie, maar skakel by die gemeenskap in./<br>Boitjie is verantwoordelik daarvoor dat die jonger manne nou sokker teen ander spanne kan speel./<br>Boitjie het aanvanklik dagga gerook, maar nou help hy met sokkerafrigting.<br>Die sokkerspanne het hom as ’n leierfiguur respekteer toe hulle aanbied om met die brandende huis te gaan help. √<br><br>**OF** | |

| | | |
|---|---|---|
| | Nee<br>Hulle ken Boitjie as iemand wat eerder sê: "Ek-is-heppie-my-broerchie" as om in die gemeenskap betrokke te wees./<br>Die jonger manne ken Boitjie as iemand wat lief is vir dans./oom Chai se Bettie van oom Chai vervreem het. √<br><br>*Die kandidaat se antwoord moet binne die konteks van die roman gemotiveer word.* | 1 |
| 11.11 | Kenneth Kleinhans beskik oor leierseienskappe/tree as leierfiguur na vore./<br>Kenneth Kleinhans gee om vir die gemeenskap./<br>Hy is inskiklik./pas in by die gees van saamstaan wat in Vatmaar heers.<br>Kenneth beskik oor deursettingsvermoë. √ | 1 |
| | | **25** |
| | | |
| | **TOTAAL AFDELING B:** | **25** |

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord EEN vraag.

### *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small

### VRAAG 12: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – LITERÊRE OPSTEL

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.
LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**Simbole:**

| | | |
|---|---|---|
| G | Gappie Martin |
| A | Apostel George |
| M | Miss Africa |

*Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.*

- **Gappie was die tweede in bevel van die bende en het die bendelede se versoek, dat hulle vroue wil verkrag, oorgedra**. Map moes toestemming verleen dat die vroue verkrag kon word./Bv. bl. 33: *Say the word, sê Gappie Martin, en hy sê vir my "Chief" ...*
- **Die keuse wat Map uitoefen om toestemming vir Gappie te verleen, lei tot latere wroeging**, want hy voel hy kon nie nee sê toe Gappie mooi vra nie/maar hy het nie besef dit is sy ma en suster wat verkrag word nie./Bv. bl. 33: *Toe sê hy vir my "Chief", en hy vra vir my mooi ...*
- **Gappie beïnvloed Map om toestemming vir die verkragting te gee en dit traumatiseer Map se familie,** want sy suster is na die verkragting dood./Bv. bl. 34: *Klein-Meisie het net daar gelê. Sy't nog half gelewe, maar sy was klaar dood gewurg.*
- **Die toestemming wat Map vir Gappie verleen, het 'n invloed op Map,** want dit lei tot sy ma se verkragting/Antie Grootmeisie se stomheid. Antie Grootmeisie praat nie met Map in die tronk nie./Bl. 34*: Toe tel een van hulle oek vi' Ma, vi' Grootmeisie Jacobs ... van 'ie grond af op ... sy't gehuil, Ma, en toe sy wiet dis ek, het sy nie gekan praat nie, nie tot vandag toe nie ...*

- **Gappie Martin se versoek lei daartoe dat Map as moordenaar gebrandmerk word as hy na die verkragting**, een van die skuldiges met ’n mes doodsteek toe hy besef dit is sy suster se stem wat hy tydens die gebeure gehoor het./Bv. bl. 34: *en ek stiek hom met die mes, en ek stiek hom, en ek stiek hom en ek stiek hom, en ek stiek hom, en ek skrie die heeltyd, en ek skrie …*
- **Map het toegegee aan Gappie se versoek, so het hy ’n skuldige gewete**, omdat hy nie moes toestemming vir ’n verkragting gee nie. /Bv.bl. 34: *Die Here het my swaar gestraf ...*
- **Map is sy vryheid ontneem** omdat hy homself aan die polisie oorgegee het, hy het die tronkstraf wat aan hom opgelê is, aanvaar./Bv. bl. 35: *Ek het myself op-gegie. Ek het getry om 'it ... soes 'n man te vat ...***Apostel George en miss Africa het ’n positiewe invloed op Map, want sy lewens- koers begin verander**. Hulle laat hom insien dat hy verkeerd opgetree het en dat hy in die toekoms eerder soos Johnny moet optree en nie soos Map, die bendeleier, nie./Bv. bl. 47: *Ek sil nie weer ... aanvang nie! Ek sweer 'it, voor 'ie Here ... Voor Ma ... voor Apostel George!*
- **Apostel George beïnvloed Map om homself te bekeer** en Map voel vrygemaak van die las van die gebeure./Bv. bl. 10: *Apostel George, hy’t vir my gewys, die lig!***Apostel George het Map na sy bekering gelei;** en dit lei daartoe dat Map by God vergifnis vir sy dade gekry het. Hy is nie meer dieselfde bendeleier van vroeër nie./Bv. bl. 35: *Ek het twaalf jaar gekry. Ek het sewe jaar geserve. Ek is yt op parole. Ek het klaar gepraat. So God vergewe my*.
- **Waar Map voorheen verbitterd** *(Bl. 14: Wit bastards!!)* **was omdat hy nie ander werk as dié van ’n boodskapper kon kry nie**, veroorsaak Apostel George se invloed dat Map nou net om ’n kans vra./Bv. bl. 10: *Hulle moet my net ’n kans gee, daar buitekant ...*
- **Die gebruik van die beeld van Saulus wat Paulus geword het,** oortuig Map dat hy ook verander het./Bv. bl. 27: *En Saulus, wat nou Paulus word …*
- **Apostel George vermaan Map en wys hom die pad aan**, om hom nie nou met Blanchie te bemoei, maar die pad na die Here te loop./Bv. bl. 28: Laat vir Blanchie staan, my broer! Praise Him!
- **Onder Apostel George se invloed is Map se lewenskoers verander**, hy is nie meer dieselfde Map as vroeër, die bendeleier, nie. Apostel George sê dat Map verander het./Bv. bl. 29: … *en hy Map Jacobs kom huis toe, missies Jacobs, dieselfde Map Jacobs, maar nie dieselfde Map Jacobs nie, want hy is skoon gewas …*
- **Onder Apostel George se invloed kom Map tot die besef dat sy geloof die belangrikste in sy lewe moet wees**, want so kan hy vry word van sy verlede./Bv. bl. 30: *'Cause in die end is dit die Here selwers wat ek die liefste moet hê, meer as even vir Ma, meer as even vir ... Blanchie ...*
- **Map tree vergewensgesind teenoor Blanchie op** wanneer hy onder die invloed van Apostel George tot bekering kom./Bv. bl. 46: *Ek mind nie wat Blanchie gedoen het meanwhile nie, ek mind van niks, even as 'it waar is sy het 'n abortion gehad van ’n wit vark of van enige iemand ... Here Jesus, wie is ekke om te mind! Apostel George, ja, jy sê vir my, wie is ekke om te mind, ek is soes niks, soes niets ... soes niks ...*
- **Apostel George help Map om verantwoordelikheid te neem wat hy nie voorheen geneem het nie**, wat ’n aanduiding is dat Map sy lewenskoers verander het./Bv. bl. 46: *Apostel George het my gewys, en ek was al lankal ge-convince ek het ... aangevang ... en ek is sorry, Blanchie ... ek was nie meer die ou wat jy op skool geken het nie, ek het ’n regte vark geword, maar nou, ek het weer ge-change.*
- **Apostel George moedig Map aan om te bieg** en so die gevangenis waarlik vry te verlaat./Bv. bl. 29: *Gaan, jy is waarlik vry, Map Jacobs.*
- **Apostel George moedig Map aan om die gevangenis te verlaat** en die slegte dinge agter te laat./Bv. bl. 29: *Staan op, verlaat nou die gevangenis ... En laat die dooies agter, laat die dooies hulle dooies self begrawe, broer Jacobs, jý verlaat die gevangenis …*
- **Apostel George berei Map voor dat die gemeenskap hom moontlik steeds kan verwerp,** maar in God sal hy troos vind./ewige genade en redding ontvang./Bv. bl. 28: *Jy moet nie worry nie, Map Jacobs, laat los jouselwers net in die sorg van die wit lig van die Here ...*/bl. 44: *Apostel George, ek wiet jy’t my ge-warn lat dit so sal wies, maar ...*

- **Apostel George wys Map daarop dat hy nie uitgelewer hoef te wees aan sy omstandighede as** hy op die Kaapse Vlakte woon nie./Bv. bl. 28: *Jy kom van die Cape Flats af, broer Jacobs, my nuwe broer. Hoekom bekommer jy jou, die Here Jesus het gekom van Nasaret!*
- **Apostel George dra daartoe by dat Map en Antie Grootmeisie versoen**./Bv. bl. 28: *Miessies Jacobs, die Here het jou seun aan jou teruggegee.* **Nadat Map uit die tronk gekom het, is Apostel George se invloed nog sigbaar in die vergewensgesindheid wat Map openbaar teenoor die gemeenskap** wat hom nog nie vergewe het nie./Bv. bl. 46: *Die band net so, Oompie Paulsen-hulle ... even hulle net so, dieselde ... Map Jacobs, obviously, sal die band nou 'n naam gee, so steer ma'clear van Map Jacobs af, nou ... allerande ekskusies ...*
- **Onder Miss Africa se invloed, koester Map nie kwade gevoelens teenoor Blanchie as sy nie in die tronk vir hom kom kuier nie**, hy het ook verander en Blanchie hoef nie meer bang te wees nie./Bl. 9: *... maar ek verkwalik haar nie ... Die social worker het weer moet my gepraat, sy's nogal vrinnelik* .../Bl. 10*: sê vir haar sy moenie bang wies nie, ek is 'n anner man, oldou ek is of course oek nog Map Jacobs ... sê vir haar, Ma ...*
- **Nadat Miss Africa met Map 'n gesprek gevoer het, beïnvloed sy hom so dat hy bereid is om enige werk te doen** en beskou dit nie meer as benede hom nie.**/**Sy help Map om werk te vind/Bv. bl. 10: *ek het gesê vir haar enige soorte werk, 'it maak nie saak wat nie ... Dit maak nie saak nie ... Ek wil net daai kans hê, om te wys ... lat ek 'n annerste man is ...*
- **Onder die invloed van miss Africa wil Map praat oor wat vroeër gebeur het,** dat hy alles presies moet vertel, die implikasie is dat hy nie voorheen die volle waarheid vertel het nie./Bv. bl. 11: *Miss Africa, sy sê ek moet ytpraat moet iemand, ek moet once an' for all vir iemand wat ek kan trust, sê exactly wat gebeur het daai nag ...*
- **Miss Africa beïnvloed Map om uit te praat teenoor iemand wat hy werklik lief het** en so bieg Map vir die eerste keer teenoor sy ma oor wat die aand gebeur het toe sy stom geword het./om ook vergifnis by haar te kry./verantwoordelikheid vir sy aandeel te neem./Bv. bl. 12: *jy sal nooit kan rus voorlat jy alles ... ytge-praat, en ge-vertel het vir iemand wat jy werklik liefhet nie ...*
- **Map neem miss Africa se woorde ter harte en bieg ook teenoor Blanchie**, want miss Africa het hom beïnvloed om te bieg teenoor diegene wat hy lief het./Bv. bl. 60: *Ek het vir jou ... alles ge-vertel ... Blanchie ... voor* Apostel *George voor die Here ... en voor Ma*.
- In die tronk het Map se karakter so ontwikkel dat sy gedrag ten goede verander het en **Miss Africa hom kan meedeel** dat hy vir parool in aanmerking geneem is./Bl. 9: *Sy sê parole is nou due vir my .*
- **Miss Africa ondersteun/bemoedig Map** wanneer sy hom verseker dat die gemeenskap hom wel 'n kans sal gee./Bv. bl. 10: *Die social worker, miss Africa, sy't moet my gepraat, sy meen hulle sal vir my 'n kans gee.*
- **Miss Africa ondersteun Map se werksoekery aktief en probeer die werkgewers voorberei** sodat hulle vir Map 'n geleentheid sal bied./Bv. bl. 45: Miss Africa, die social worker, sy help ... maar, dan kom jy daar, en although Miss Africa ge-phone het, voor 'ie tyd,
- **Miss Africa probeer die gemeenskap voorberei op Map se parool** wanneer sy onderhoude met Richie wil voer./Bv. bl. 56: *Die social worker, Miss Africa, wat's haar case? Wil vir my oek like interview ... oor Map se saak ... oor sy parole ...*
- **Na Map se vrylating het sy lewenskoers sodanig verander dat hy weer soos die Johnnie van ouds was**, maar waar Map verbitterd was en by misdaad betrokke was, gaan hy nou sy verantwoordelikheid as leier van die gemeenskap nakom./Bv. bl. 62: *Dan wend Map sy oë af en hy hoor – en ons hoor – die saxofoon, soos hy dit gespeel het, voorheen.*/Bl. 82: *In hierdie drama is die saksofoon die koning van die instrumente wat deur die leier in die gemeenskap, Map, bespeel word*.

*Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.*

**25**

**VRAAG 13: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 13.1 | Cavernelis het Blanchie misbruik om geld te maak./<br>Cavernelis dink hy's beter as ander mense. √ | 1 |
| 13.2 | As gevolg van die sosio-politieke situasie is hulle vasgevang./<br>Wetgewing beperk hulle mens-wees./<br>Hulle het nie finansies om te verhuis nie. √<br><br>**EN**<br><br>Werkloosheid/misdaad/armoede hou hulle figuurlik vas aan die Kaapse Vlakte./kan daarom nie ontsnap nie. √<br><br>**EN**<br><br>Hy sê die Kaapse Vlakte/Group areas is 'n prison./'n wasteland./hou hulle vasgevang. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 13.3 | Cavernelis werk baie hard./<br>Cavernelis smous onderklere vir 'n ekstra inkomste./<br>Cavernelis stel Blanchie beskikbaar vir die wit mans in die hoop van 'n modelkontrak vir haar. √ | 1 |
| 13.4 | Die Apartheidstelsel bring mee dat die gemeenskap in 'n uitsiglose bestaan vasgevang is./dwing hulle om daar te woon./ontneem die mense van geleenthede./is die antagonis in die drama./is die oorsaak van die intrige. √<br><br>Deur Tommy se skinderstories word die waarheid oor die gebeure/karakters aan die leser/kyker oorgedra./<br>Tommy se woorde skep spanning in die drama as hy noem dat almal op Map se vrylating gewag het./<br>Tommy is die tritagonis in die drama. √<br><br>Die stelsel bring mee dat Map, op grond van sy velkleur, nie 'n gepaste werk kry nie./lid van bendes word./nie verder kan studeer nie. √<br>Tommy dra ná Map vrygelaat is, stories by hom aan oor Blanchie, <u>wat Map ontstel</u>. √ | 1<br><br>1<br><br>2 |
| 13.5 | Cyril beledig/intimideer/spot met/is vermakerig teenoor Cavernelis as hy dit doen.<br>Cyril trek Cavernelis se aandag. √√<br><br>*Die kandidate bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 13.6 | Cyril weet dat Map op parool gaan uitkom, maar Cavernelis weet dit nie. √<br><br>Cavernelis vrees Map se reaksie as hy sou uitvind dat Cavernelis toegelaat het dat Blanchie by die *Lonely Hearts*/as model in Constantia werk. √<br><br>Cavernelis vrees dat Blanchie moontlik haar verhouding met Map kan hervat. √ | 1<br><br>2 |

| | | |
|---|---|---|
| 13.7 | Cavernelis beplan om sy familie weg te neem uit die township/vir hulle beter omstandighede te voorsien. √<br><br>Hy sterf./reis na die ewigheid. √<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>1 |
| 13.8 | Cavernelis het Blanchie en Johnnie verbied om mekaar te sien, maar na sy dood kan hul verhouding openlik voortgesit word./<br>Blanchie het verniet haar eer op die spel geplaas om by die *Lonely Hearts* te werk, na Cavernelis se dood is hulle vasgevang in die township. √<br><br>**EN**<br><br>Maud het gehoop dat hulle wel uit die township sal wegkom, maar haar omstandighede gaan moontlik nou verswak omdat Cavernelis dood is./nie meer kan geld inbring nie./Maud se woorde, dat Cavernelis hulle nie uit die omstandighede sal kan bevry nie, word waar ten spyte van Cavernelis en Blanchie se harde werk om geld te maak. √<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan. Beide kante van die ironie word vir een punt aangebied.*<br><br>*Indien die kandidaat Blanchie en Maud saam in die antwoord aanbied, kry die antwoord TWEE punte solank beide kante van die ironie aangebied word, bv. Blanchie en Maud se harde werk/strewe om uit die township te kom is tevergeefs/is in die township vasgevang terwyl Cavernelis deur die dood bevry is.* | 2 |
| 13.9 | Teen die einde van die drama is die stemming emosioneel gelaai./hoopvol. Daar heers nou vergewensgesindheid./versoening./aanvaarding./vrede. √<br><br>Map verkry vergifnis van Antie Grootmeisie./vergewe Blanchie en hulle aanvaar mekaar. √ | 1<br><br>1 |
| 13.10 | Cavernelis is sorgsaam, want hy wou net die beste vir sy gesin hê./<br>Cavernelis is hardwerkend omdat hy twee werke gedoen het om hulle uit die township te kon wegneem./<br>Cavernelis is nie bemoeisiek nie, want hy het nie ander gepla nie. /<br>Tree hoflik/respekvol teenoor La Guma op al is hy moeg en wil in die huis gaan./<br>Cavernelis is trots op sy Bolandse afkoms./goeie Afrikaans wat hy praat/goeie opvoeding. √√<br><br>*Die kandidaat bied EEN soortgelyke waarde en EEN voorbeeld daarvan, vir EEN punt elk aan.*<br><br>Cavernelis is immoreel/het 'n gebrek aan morele waardes/<br>Cavernelis se verwaarlosing van sy familie/<br>Cavernelis se selfsug/ √ | 2<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 13.11 | *Die kandidaat se eie mening, bv.*<br><br>Ja<br>Daar is hoop vir hulle as daar vergifnis kom aan die einde/Map en Blanchie vergewe mekaar se verkeerde optredes./<br>In die gees van Kersfees is daar verlossing wat by die titel van die drama aansluit./<br>Map kan moontlik ’n positiewe rolmodel vir die gemeenskap word.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Sowel Blanchie as Map is werkloos sonder enige werkvooruitsigte.<br>Cavernelis se dryfkrag om Blanchie daar weg te kry, is weg na sy dood./niks in die township het verander nie.<br>Map se tatoeëermerke/tronkrekord kelder hom.<br>Blanchie se reputasie strem haar om ’n goeie werk te kry. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE motiverings vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| | | **25** |
| | | |

## *MIS* – Reza de Wet

### VRAAG 14: *MIS* – LITERÊRE OPSTEL

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.
LET WEL:

- Dis ’n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**Simbole:**

| | |
|---|---|
| M | Miem |
| Me | Meisie |
| G | Gertie |

| |
|---|
| *Die kandidaat bied ’n gepaste inleiding aan.*<br><br>• **Miem wend pogings aan om haar uitsiglose bestaan te verbeter wanneer sy bly werk om ’n beter lewe vir haar en Meisie te probeer bewerkstellig.** Dit hou vir haar finansiële voordeel in./Bv. bl. 6: *Die skêr is al weer stomp, Meisie, jy moet dit slyp. Meestal beesmis. So dertig perdemis en tien vark. ja, ons doen goed die maand.*<br>• **Miem sien Konstabel se koms as ’n geleentheid om vir Meisie ’n moontlike liefdesuitkoms te bied**, want sy moedig ’n verhouding aan./Bv. bl. 24: *Meisie kook die heerlikste kos, weet u?*<br>• **Miem glo dat Gabriël tog ondertoe sal kom wanneer Meisie tot trou kom**, wat moontlik daarop dui dat sy alle hoop op ’n beter verhouding met hom ook nie heeltemal uitgesluit het nie./Bv. bl. 48: *Ek is seker hy sal afkom ... as Meisie die dag trou.*<br>• **Miem gebruik ook die koms van die konstabel as tydelike ontvlugting van haar vasgevangenheid** wanneer sy haar hart teenoor hom oopmaak./Bv. bl. 31: *Van na die Depressie af. Dit was vir my arme man te veel.*<br>• **Miem is vasgevang in haar huwelik** daarom ontvlug sy deur haar hart vir Konstabel oop te maak./Bv. bl: 47: *Dit is so lank laas ... lank laas ... dat ’n man vir my goeienag gesê het.* |

- **Miem erken dat die Konstabel se teenwoordigheid iets in haar aanwakker,** so bied hy aan haar tydelike seksuele bevryding./Bv. bl. 48: *om 'n man hier te sien ... dié tyd van die nag ... wel ... dit maak weer dinge in my wakker.* **Gertie beweeg weg van haar uitsiglose gevangenskap wanneer sy Konstabel se geselskap opsoek**, want sy is alleen en eensaam./Bv. bl. 43: *Konstabel, ek wil graag iets vra. Ek hoop nie u gee om nie.*
- **Gertie verander, sy word 'n seksuele wese wanneer sy die polisieman se tante begin naboots**, maar dié proses word onderbreek en sy "krimp" weer terug na die oujongnooi wat sy is./Bv. bl. 47: *GERTIE kyk in ekstase na haarself in die denkbeeldige spieël.*
- **Gertie wat meegevoer word deur die Konstabel se vertelling van sy tant Hannie,** is 'n poging tot seksuele bevryding./Bv. bl. 45: *GERTIE wieg heen en weer met haar lyf skerp agteroor en haar kop heeltemal terug.*
- **Gertie se verandering na Hannie is tydelike bevryding**, want dan skrik sy terug en vlug./Bv. bl. 47: *GERTIE lyk verward, asof sy skielik wakker skrik. Sy gryp haar bloes en haarnaalde van die tafel af en verdwyn vinnig deur die agterdeur.*
- **Gertie leef haar in Konstabel se wêreld in en stel haar oop om gemanipuleer te word,** juis omdat sy wil losbreek van haar vasgevangheid./Bv. bl. 45: *Nog. (Sag en byna smekend) Nog, as u wil.*
- **Meisie probeer haar vasgevangendheid ontsnap deur bv.** nie 'n vingerhoed te dra nie./Bv. bl. 4: *Ja, jy wil mos nie 'n vingerhoed gebruik nie*.
- **Meisie doen moeite om die stank van die mis te verminder deur roosbome voor haar venster te plant.**/Bv. bl. 26: *Ek ... het roosbome voor my venster geplant.*
- **Meisie wil haar huislike omstandighede/haar ma se houvas op haar ontsnap deur in die nag stilletjies weg te loop na die sirkus.**/Bv. bl. 29: *Ek klim deur die venster, spring af tussen die rose, gaan deur die tuinhekkie en hardloop na die skougronde.*
- **Meisie probeer die huis ontsnap deur by die venster uit te loer/haar aan die sirkusliggies te verwonder.**/Bv. bl. 28: *Hier, by die venster. Ek kyk na die groot tent en al die liggies!*
- **Die verandering van die konstabel tot magiese nar skep die geleentheid vir Meisie se rituele dans** wat haar hunkering na verandering duidelik wys./Bv. bl. 50: *Die KONSTABEL trek die baadjie stadig en met groot behae aan.*
- **Die uiteindelike wegdans van Meisie** kan as die losbreek van haar huidige omstandighede beskou word./Bv. bl. 51: *Sy dans na die agterdeur.*
- **Meisie hunker na 'n totale permanente bevryding** en sy verander in die slot om bevry te word van haar ma./Bv. bl. 51: *Sy breek skielik weg van hom.*
- **Ons leer Meisie ken as 'n gehoorsame dogter,** maar uit die slotbeeld sien ons hoe sy verander het in 'n bevryde, onafhanklike vrou./Bv. bl. 51: *Haar dans word uitbundiger.*
- **Meisie verbreek haar vasgevange bestaan wanneer sy teen die einde van die drama verander.** Die gedagte word in die slottoneel beklemtoon./Bv. bl. 51: *Voordat sy oor die drumpel dans, staan sy stil en kyk om na die KONSTABEL.*
- **Meisie se kaalvoetdans skep die illusie van vry word van die aardse** en daarom is die feit dat sy kaalvoet dans juis deurslaggewend./Bv. bl. 51: *Jy het mos gesê sonder skoene.*
- **Meisie wil aan die einde van die drama ook losbreek van Konstabel** om haar vryheid en onafhanklikheid behoorlik te vier en te geniet./Bv. bl. 51: *Sy breek skielik weg van hom.*
- **Meisie breek van haar vasgevangenheid los in die slot**, want sy dans uitbundig oor die drumpel die nag in./Bv. bl. 51: *Die KONSTABEL maak die gaasdeur oop en sit 'n klip daarvoor. Sy dans na die agterdeur. Voordat sy oor die drumpel dans, staan sy stil en kyk om na die KONSTABEL.*

*Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.*

**25**

**VRAAG 15 *MIS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 15.1 | Hy sê dat hy blind/’n konstabel/spesiaal gestuur/Snuf in die neus is. √<br><br>Die konstabel voel met die wit kierie om nader aan Meisie te beweeg./<br>Hy laat toe dat Gertie hom tot by die stoel lei omdat hy blind is./<br>Hy gee voor dat hy hulle identiteit kan ruik/uitsnuffel. √<br><br>*Die kandidate moet na die **woorde** sowel as die **handeling** van Konstabel verwys.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 15.2 | *Die kandidaat motiveer die keuse wat uitgeoefen word, bv.*<br><br>Lag, want Konstabel het die vroue om die bos gelei sodat hy Meisie kon ontvoer./die hofnar het sy doel bereik.<br>Stroef, die konstabel beweeg ook soos ’n marionet wanneer hy uit die huis dans. √ | <br><br><br><br><br>1 |
| 15.3 | Hulle het jolyt/vrolikheid op die laaste aand in Augustus, wanneer daar meisies op die dorp verdwyn, nodig.<br>Die vroue beleef spanning/vrees om dié aand alleen/sonder beskerming te wees en jolyt/vrolikheid sal die spanning verlig.<br>Hul lewe word deur swaarkry gekenmerk, daarom het hulle ’n behoefte aan jolyt.<br>Gertie het ’n uil in haar voortuin gehoor wat ’n voorteken van die dood is, daarom sal jolyt/ligsinnigheid haar daarvan laat vergeet. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE redes vir EEN punt elk aan.* | <br><br><br><br><br><br><br>2 |
| 15.4 | Dit verwys na die huise waar dogters gaan verdwyn./<br>Die verwys na die tipiese omstandighede wat in die huise moet heers waar die dogters verdwyn. √<br><br>Hulle bly afgesonderd.<br>Die hond/afwesige Gabriël beskerm nie die vroue nie.<br>Die vroue vertrou die patriargale polisieman blindelings.<br>Miem het ipekonders nes Sannie Koen, wat ook verdwyn het, se ma.<br>Miem sit op Meisie se kop./laat haar nie vryheid toe nie.<br>Meisie se ontevredenheid en frustrasie stem met Rienie en Sannie s’n ooreen wat by die meisies wat verdwyn het, se omstandighede inpas.<br>Daar is ’n jong dogter in die huis. √√√<br><br>*Die kandidaat bied VIER antwoorde vir EEN punt elk aan. Daar moet minstens EEN antwoord vir elke deel van die vraag aangebied word.* | <br><br>1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>3 |
| 15.5 | Miem wil die Konstabel alles vertel, maar die leser/kyker vermoed dat die Konstabel reeds kennis van die verdwynings dra./die oorsaak van Meisie se verdwyning sal wees./<br>Die vroue weet nog nie dat Konstabel die skurk is nie, maar die gehoor/’n ander karakter vermoed dit reeds. √<br><br>*Albei kante van die saak moet in dramatiese ironie vir EEN punt genoem/geïmpliseer word.* | <br><br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 15.6 | Die sakke sluit by die titel *Mis* aan, want dis sakke mis wat Miem-hulle verkoop om 'n inkomste te verdien. √<br><br>Die sakke sluit by die tema van bevryding aan, want Meisie wil van haar benouende omstandighede/sakke mis bevry word. √ | 1<br><br>1 |
| 15.7 | Dominerend/baasspelerig/matriargale houding/optrede √<br><br>Miem is die beskermer (van Meisie se liggaam, siel en gees).<br>Miem is onderdanig./gedienstig aan gesag./aanvaar gesag (van die Konstabel). √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE ander gepaste karaktereienskappe binne konteks van die drama aan vir EEN punt elk.* | 1<br><br>2 |
| 15.8 | Miem is nie verstandig nie/tree nie verstandig op nie, want sy het 'n vreemdeling/die Konstabel in hul huis toegelaat./te maklik vertrou./die waarheid omtrent die verdwynings van Meisie weerhou. √<br><br>Miem is nie verstandig nie/tree nie verstandig op nie, want haar dominerende houding teenoor Meisie gaan veroorsaak dat sy Meisie gaan verloor./<br>Miem hou Meisie weg van die sirkus, maar wanneer sy vertroulik met Konstabel wil praat, word Meisie na buite gestuur waar die sirkusmusiek hoorbaar is. √<br><br>*Die kandidaat bied TWEE geskikte redes binne konteks van die drama aan vir EEN punt elk.* | 1<br><br>1 |
| 15.9 | Ja<br>Meisie was figuurlik aan die slaap, maar Konstabel se koms gaan haar wakker maak./bevry./prik haar vinger met 'n naald nes die Slapende Skone./<br>Meisie wag nes die Slapende Skone op haar prins.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Meisie was opstandig om nie 'n vingerhoed te gebruik nie./<br>Meisie raak nie soos die Slapende Skone aan die slaap nie. √ | 1 |
| 15.10 | Meisie √ | 1 |
| 15.11 | Blind/nie sien nie/'n Mens kyk dikwels die ooglopende mis./Skyn-werklikheid √<br><br>Die Konstabel gee voor dat hy blind is./<br>Hulle is blind vir gevaar./<br>Almal gee voor./<br>Die konstabel is die enigste wat vir Meisie raaksien. √<br><br>Miem/Meisie/Gertie/Die vroue sien nie die Konstabel as onheil nie./is blind vir die onheil wat die Konstabel bring./is blind vir sy valsheid./gee sy stok aan, maar besef nie dat hy hulle mislei nie.√ | 1<br><br>1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 15.12 | Meisie √<br><br>Hy het meegehelp dat sy saam met hom verdwyn./help haar om te vlug./<br>Konstabel sal die vroue beskerm. √<br><br>Ja<br>Meisie het na vryheid gesmag wat sy saam met die Konstabel kon beleef./<br>Die vroue voel veilig met die beskerming van die Konstabel.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Alhoewel Miem aanvanklik die Konstabel se hulp verwelkom het, het sy nie voorsien dat die Konstabel Meisie sou help om te vlug nie. √<br><br>*Die kandidaat verskaf 'n motivering binne konteks van die drama.* | 1<br><br>1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| | | **25** |

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

## AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE [10 PUNTE]

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| INHOUD | 6–7 | 5 | 4 | 3 | 0–2 |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>7 PUNTE | Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>-Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is<br>-Uitstekende begrip van die genre en gedig | -Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>-Respons redelik gedetailleerd<br>-Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>-Begrip van genre en gedig duidelik | -Redelike interpretasie van die onderwerp.<br>-Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>-Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>-Basiese begrip van genre en gedig | -Onbevredigende interpretasie van die onderwerp<br>-Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie<br>-Onvoldoende begrip van genre en gedig | -Geen begrip van die onderwerp nie<br>-Geen verwysing na die gedig nie<br>-Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie |
| STRUKTUUR & TAAL | 3 | 2 | 1 | 1 | 0 |
| Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>3 PUNTE | -Samehangende struktuur<br>-Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>-Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek<br>-Grammatika, spelling en punktuasie feitlik foutvry | -Duidelike struktuur en logiese vloei van argument<br>-Vloei van argumente kan gevolg word<br>-Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | -Enkele bewyse van struktuur<br>-'n Goed gestruktureerde logiese vloei en samehang ontbreek in die opstel<br>-Geringe taalfoute; toon en styl meestal gepas | -Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>-Argumente nie logies gerangskik nie<br>-Taalfoute beduidend<br>-Toon en styl nie geskik nie | -Struktuur swak<br>-Ernstige taalfoute<br>-Foutiewe styl |
| VERSPREIDING VAN PUNTE | 9–10 | 7 | 5 | 4 | 0–2 |

**AFDELING B EN C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA [25 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| INHOUD | 12–15 | 9–11 | 6–8 | 4–5 | 0–3 |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>15 PUNTE | -Uitsonderlike respons: 14–15<br>Uitstekende respons: 12–13<br>-Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>-Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die roman/drama gerugsteun is<br>-Uitstekende begrip van die genre en teks | -Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>-Respons redelik gedetailleerd<br>-Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>-Begrip van genre en teks duidelik | -Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie<br>-Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>-Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>-Basiese begrip van genre en teks | -Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie<br>-Min punte wat die onderwerp ondersteun<br>-Baie min relevante argumente<br>-Weinig begrip van genre en teks | -Geen begrip van die onderwerp nie<br>-Swak poging om die vraag te beantwoord<br>-Argumente oortuig nie<br>-Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie |
| STRUKTUUR & TAAL | 8–10 | 6–7 | 4–5 | 2–3 | 0–1 |
| Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>10 PUNTE | -Samehangende struktuur<br>-Uitstekende inleiding en slot<br>-Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>-Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek | -Duidelike struktuur<br>-Logiese vloei van argument<br>-Inleiding, slot en ander paragrawe samehangend georganiseer<br>-Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | -Enkele bewyse van struktuur<br>-Logika en samehang is duidelik, maar met foute<br>-Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas<br>-Paragrafering meestal korrek | -Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>-Argumente nie logies gerangskik nie<br>-Taalfoute beduidend<br>-Toon en styl nie geskik nie<br>-Paragrafering foutief | -Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente<br>-Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk<br>-Styl en toon nie geskik nie<br>-Paragrafering foutief |
| VERSPREIDING VAN PUNTE | 20–25 | 15–19 | 10–14 | 5–9 | 0–4 |

Kopiereg voorbehou